

HOOFSTUK VII

DIE ORGANISASIE

1. Alle organisasie aan die Universiteit is daarop gerig om geriewe, materiaal en mense op so 'n wyse byeen te bring dat die doeleindes van die Universiteit op die mees effektiewe en ekonomiese wyse bevorder kan word.
2. Organisasie omvat derhalwe al die reëlings deur die universiteitsadministrateurs getref om die gladde verloop van wetenskapsbeoefening, opvoeding en alles wat daarmee saamhang, te verseker. Hieronder ressorteer sake wat die administratiewe personeel aanbetref en wat buite die bestek van hierdie opname val, maar ook sake wat dosente en studente¹⁾ raak, soos die huisvesting van departemente, toerusting van departemente, personeelbestuur - waaronder diensvoorwaardes, administratiewe pligte van dosente, die voorgedosementstelsel, klasgrootte, personeeltoewysing en afsondering van dosente vir eerstejaars -, die duur van kursusse, die lengte van die akademiese jaar en interkommunikasie binne die Universiteit.
3. DIE HUISVESTING VAN DEPARTEMENTE
 - 3.1 Indien dit die Universiteit erns is om sy doel - beoefening van die wetenskap „in U lig" en opvoeding tot mense Gods - planmatig en effektief na te streef, is, benewens die reeds genoemde bestendinging en aanpassing van bestaande reëlins, ook nodig dat die bestaande departemente sodanig gehuisves moet wees dat hulle onder die gunstigste omstandighede kan werk.
 - 3.2 Ten einde vas te stel of die huidige²⁾ departemente bevredigend gehuisves is en aanbevelings vir die toekoms te maak moet die volgende vooraf in oënskou geneem word: die beskikbare lesinglokaal, laboratoria en kantore en die huidige besetting daarvan; moontlike huidige of toekomstige tekorte aan huisvesting in die lig van die verwagte aantal studente; die moontlikheid om in die toekoms gebouekomplekse op te rig en leemtes in die huidige huisvesting.
 - 3.2.1 Beskikbare huisvesting
 - 3.2.1.1 Benewens besondere geboue³⁾ soos die biblioteek en bindery, die magneetkamer en die lokaal vir die kernversneller beskik die Universiteit tans oor die volgende huisvesting vir sy departemente :⁴⁾

3.2.1.1.1	Aardrykskunde	6,720 vk.vt.
3.2.1.1.2	Chemie	28,570 vk.vt.
3.2.1.1.3	Dierkunde	18,464 vk.vt.
3.2.1.1.4	Ekonomiese Wetenskappe : Ekonomiese Wetenskappe en Naturelle-administrasie	8,520 vk.vt.
3.2.1.1.5	Farmasie : oue	9,423 vk.vt.
3.2.1.1.6	Farmasie : nuwe	31,307 vk.vt.

-
1. Studenteaangeleenthede word in 'n afsonderlike hoofstuk bespreek.
 2. Oor die huisvesting van nuwe departemente en/of studierigtings is alreeds uitgewei.
 3. Hierdie geboue het 'n gesamentlike oppervlakte van 41,784 vk.vt.
 4. Gegewens is verstrekkend deur die Tegnieke Dept. Buitemaatoppervlakte word aangedui. Binnemate is ongeveer 10% kleiner.

3.2.1.1.7	Fisika : oue - Fisika en Huishoudkunde, ingeslote die Huis-houdkundegebou	19,568vk. vt.
3.2.1.1.8	Fisika : nuwe - Fisika, Wiskunde en Toegepaste Wiskunde	30,450vk.vt.
3.2.1.1.9	Fisiologie	13,468 vk.vt.
3.2.1.1.10	Frans du Toit : Lettere en Wysb.	42,060 vk.vt.
3.2.1.1.11	Geologie	5,510 vk.vt.
3.2.1.1.12	Hoofgebou : Opvoedkunde, Regte en Dept. Ontwikkeling	18,200 vk.vt.
3.2.1.1.13	Industriële Chemie	21,000 vk.vt.
3.2.1.1.14	Liggaamlike Opvoedkunde	22,837 vk.vt.
3.2.1.1.15	Mikrobiologie en Higiëne	8,148 vk.vt.
3.2.1.1.16	Musiekkonservatorium I	22,837 vk.vt.
3.2.1.1.17	Musiekkonservatorium II	1,960 vk.vt.
3.2.1.1.18	Plantkunde	19,912 vk.vt.
3.2.1.1.19	Sielkunde : nuwe - Sielkunde en die Instituut vir Sielkundige en Opvoedkundige Dienste en Navorsing	16,620 vk.vt.
3.2.1.1.20	Sielkunde : oue - Sielkunde en Spraakleer en Drama	<u>4,000</u> vk.vt.
	Totaal	<u>339,574 vk.vt.</u>

3.2.1.2 Daar is tans (1965) 2,350 ingeskrewe studente, wat beteken dat daar by benadering 144 vk.vt per student beskikbaar is. Hierdie syfer sluit alle geriewe - ook kantore, laboratoria vir personeel, gange ens. in.

4. HUIDIGE BESETTING VAN DIE BESKIKBARE GEBOUE

4.1 In die Fakulteit Natuurwetenskappe

4.1.1 Die besetting van die geboue in hierdie Fakulteit blyk uit tabel XVI .

TABEL XVI

DEPARTEMENT	Lesingsale en laboratoria en die besetting daarvan in die Natuurwetenskappe																										
	Lesingskamers 1e jaars.	Aantal sitplekke	Periodes p.w. in ge- bruik deur eie dept.	Periodes p.w. in ge- bruik deur ander depte.	Totale periodes p. w. in gebruik.	Lesingskamers 2e en 3e jaars.	Aantal sit- plekke.	Per. p.w. in ge- bruik eie dept.	Per. p.w. in ge- bruik ander depte.	Totale periodes p.w. in gebruik.	Laboratoria vir eerstejaars.	Aantal werk- plekke	Per. p.w. in ge- bruik eie dept.	Per. p.w. in ge- bruik ander depte.	Totale periodes p.w. in gebruik.	Laboratoria vir 2e en 3e jaars.	Aantal werk- plekke.	Per. p.w. in ge- bruik eie dept.	Per. p.w. in ge- bruik ander depte.	Totale periodes p.w. in gebruik.	Honns.-labora- toria.	Honns.-lesing- kamers.	Magisters- laboratoria.	Magisters- lesingskamers.	Doktors- laboratoria.	Dosente- laboratoria.	
Aardrykskunde	1	96	20	-	20						1	60	20	-	20		2	22	10	-	10						
Geologie						1	16	22	-	22	1	8	24	-	24		1				1						
Plantkunde	1	160	4	2	6	1	48	8	-	8	1	55	9	-	9		2	50	12	-	12		1			2	
Stelkunde	1	212	15	4	19	2	170	12	5	17						2	25	36	11	47		1					
Dierkunde	1	200	4	-	4	2	120	10	-	10	1	80	15	-	15		1	60	60	-	60			9	2	-	5
Industriële Chemie						3	180	35	-	35						1	30	10	-	10	1	3					
Mikrobiologie en Higiëne	1	106	12	-	12						1	40	9	-	9		1	12	17	-	17					1	
Fisika	1	160	8	12	20	2	80	11	20	31	1*	20	11	-	11		1		12	-	12	4	1	4			
Fisiologie	1	120	10	3	13	2	80	10		10	1		12	3	15		2		10	3	13	1	-	1	-	1	4
Statistiek	Gebruik lesingskamers in Fisika-gebou										1	40	3	13	16												
Chemie	1	234	10	-	10	3	346	12	-	12	1	320	20	-	20		1	160	10	-	10	10	2			6	
Wiskunde en Toe- gepaste Wiskunde	1	150	9	-	9	2	70	22	-	22	1	11	5	-	5												
Huishoudkunde	2	80	50	-	50						3	42	40	-	40		1	66			32					4	
Totaal	11	1518	142	21	163	18	950	142	25	157	13	676	218	16	184		15	425	177	14	223	17	8	14	2	1	22
Gemiddeldes		138			15		53			9		52			14			28			15						

* Die departement Fisika gebruik die laboratorium in die ou Fisika-gebou.

4.1.2 Dit is uit tabel XVI duidelik dat nóg die bestaande laboratoria nóg die bestaande lesinglokale in hierdie Fakulteit enigsins ekonomies beset word. Die 11 beskikbare lesinglokale vir eerstejaars, wat gemiddeld 138 studente kan huisves, word elk slegs 15 periodes per week gebruik; die 18 lesinglokale vir tweede- en derdejaars, wat gemiddeld 53 studente kan huisves, word elk slegs 9 periodes per week beset; die 13 eerstejaarslaboratoria, wat gemiddeld 52 studente kan bevat, word gemiddeld slegs 14 periodes per week beset, en die 15 tweede- en derdejaarslaboratoria, wat gemiddeld 28 studente kan bevat, word gemiddeld slegs 15 periodes per week beset.

4.1.3 As in ag geneem word dat die rooster vir 1966 vir 50 periodes per week voorsiening maak, moet afgelei word dat die huidige besetting van lokale in die natuurwetenskappe wissel van ongeveer 20% tot 30%.

4.2 In die Fakulteite Opvoedkunde en Regte

4.2.1 Hierdie Fakulteite gebruik in die reël 5 lokale vir ongeveer 18 periodes per week, wat op 'n besetting van gemiddeld 23.5 periodes per week per beskikbare lokaal, of 47%, neerkom.

4.3 In die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe

4.3.1 Hierdie Fakulteit is in 'n eie gebou gehuisves en het 7 lokale tot sy beskikking. Die maksimumkapasiteit van die grootste lokaal is 135 en van die kleinste 4, met 'n gemiddelde van 79. Die lokale is 79 periodes per week beset, wat 'n gemiddelde besetting van 11.3 periodes per week per lokaal of 22.6% gee. Weens die innige roosterverband met ander fakulteite is herhaling van klasse sonder personeeluitbreiding alhier uiters moeilik. Teen 'n groeikoers van 10% gaan hierdie Fakulteit in die begin van 1968 voor ernstige akkommodasieprobleme te staan kom.

4.4 In die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte

4.4.1 Die departement Liggaamlike Opvoedkunde beskik oor 2 lesingsale, met 'n gesamentlike kapasiteit van 70 en 'n besetting van 27 periodes per week, dus gemiddeld 13.5 of 27%, en 'n saal vir 24 gimnaste, met 'n besetting van 24 periodes of 28% per week. Die departement Musiek beskik in die Konservatorium oor 4 lesingsale, met 'n gesamentlike kapasiteit van 140 en 'n besetting van 71 periodes, gemiddeld 18 of 30% per week, en 13 ateljees, met 'n kapasiteit van 17 en 'n besetting van 158, gemiddeld 12 of 24%, per week. Hierbenewens beskik hierdie departement oor geboue in Potgieterstraat wat uitsluitlik deur praktiese musiekleerlinge (skoliere) beset word. Die orige departemente is in die Frans du Toitgebou gehuisves, waar 22 lokale beskikbaar is. Hierdie lokale word 410 periodes, of gemiddeld 18.7 periodes per week, beset. Die besetting is derhalwe ongeveer 37.4%. Hierdie gebou word egter ook op Saterdag en sommige weeksaande gebruik.

4.5 In die Fakulteit Teologie

4.5.1 Hierdie Fakulteit is in die Teologiese Skool, wat die eiendom van die Gereformeerde Kerk is, gehuisves en ondervind geen huisvestingsprobleme nie.

4.6 Kantore en telefone

- 4.6.1 Wat die voorsiening van kantore en telefone betref, kan die huidige (September 1965) toestand soos volg saamgevat word ¹⁾ (tabel XVII) :

TABEL XVIIBeskikbare kantore en telefone vir dosente.

<u>Rang van dosente</u>	<u>Aantal</u>	<u>Kantore beskikbaar</u>	<u>Telefone beskikbaar</u>
Professore en emeritus professore	49	48	46
Senior lektore	44	32	16
Lektore	60	32	3
Ander	52	13	4

- 4.6.2 Indien aangeneem word dat elke 2 lektore op n kantoor met n telefoon geregtig is, dan is daar tans n tekort van 11 kantore en 44 telefone.

5. MOONTLIKE TOEKOMSTIGE TEKORTE AAN HUISVESTING

- 5.1 Ten einde vas te stel in watter mate die bestaande huisvesting op verskillende tydperke in die toekoms moontlik aangevul sal moet word, is dit nodig om die groei van die huidige departemente oor die afgelope 15 jaar, ²⁾ die toename in die totale aantal studente in die verlede en die verwagte toekomstige groei en die faktore wat die toename in die aantal studente kan beïnvloed te bepaal.

5.2 Die groei van die bestaande departemente

- 5.2.1 Die groei van die aantal studente in die verskillende departemente blyk uit tabel XVIII.

1. Vgl. die antwoorde op vraag A VII 3 van die leidraad. Sedertdien is die toestand aanmerklik verbeter.
 2. Ten einde te poog om vir 15 jaar vooruit te voorspel.

TABEL XVIII

Studenteaantalle volgens vakke en kursusse 1951 - 1965*

STUDIERIGTING		AANTAL STUDENTE.														
		1951	1952	1953	1954	1955	1956	1957	1958	1959	1960	1961	1962	1963	1964	1965
FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE.																
1.	Afrikaans-Nederlands I		129	107	135	156	136	174	141	175	158	163	178	200	191	192
	II		46	47	30	35	47	47	57	47	49	41	48	54	66	61
	III		26	17	19	18	23	35	35	30	14	21	34	33	44	50
	Honns.		1	4	7	3	3	3	2	2	4	5	4	8	10	6
	Mag.					4	5	1		2	1	2		8	6	5
	Dr.				3	3	3					2		1	2	3
	Afrikaans/Engels (B.Comm.)		46		62	51	53									
	Hoër Met. (U.O.D.)															
	Taalwerk (U.O.D., UL.O.D., Hhk.Dilp.)															
2.	Bantoetale															
(a)	Zulu I				11	16	10	19	20	27	20	11	10	7	17	18
	II					6	6	2	5	5	5	6	1	5	2	6
	III				1		4	3	1	2	4	3	4	1	5	
	Honns.									1						5
	Mag.									1						1
	Dr.															3
(b)	Tswana I											44	38	36	46	37
	II											8	4	4	5	11
	III												5		2	2
	Honns.															
	Mag.															
	Dr.															
(c)	Noord-Sotho I	19	14	14	21	9	14	24	33	26	8					10
	II	5	9	4	5	10	3	3	10	10	8					
	III	1	2	8	3	5	9	2		6	6	6	1			
	Honns.					5	5	6	2	3						
	Mag.						1	1	1	1						
	Dr.															

* Gegewens verstrek deur die eksamenafdeling. Daar dien op gelet te word dat gegewens t.o.v. Hoër Metodieke vir die U.O.D. onvolledig is.

[illegible]

STUDIERIGTING			AANTAL STUDENTE														
			1951	1952	1953	1954	1955	1956	1957	1958	1959	1960	1961	1962	1963	1964	1965
6.	Frans	I		2			4	2	16	15	22	27	14	21	31	47	40
		II							6	7	8	4	4	3	6	13	5
		III								4	5	5	4	4		3	6
7.	Geskiedenis	I	73	88	63	89	96	98	91	85	78	98	49	64	77	77	63
		II	44	48	46	42	52	45	46	39	28	25	38	34	42	45	52
		III	27	34	33	36	27	37	30	36	32	25	19	31	24	31	41
		I A (U.L.O.D.)						14	10	18	20	25	18	24	22	29	24
		Honns.	6	5	7	5	4	4	5	6	5	5	9	8	7	6	7
		Mag.		4		4	8	9	9	6	7	4	3	6	5	8	6
		Dr.				3	6	4	6	5	3	5	1	1	2	6	3
		Met. (U.O.D.)															
8.	Grieks	I	27	31	26	39	33	26	20	36	28	28	21	14	20	28	23
		II	4	19	20	12	17	17	19	17	14	11	16	9	10	12	18
		III	1	2	9	11	3	7	6	7	9	9	5	9	2	2	6
		Honns.			1	1	2	4	4	1	1	2	3	2	3	2	
		Mag.											1		3		1
		Dr.									1	1	1	1			
	Antieke Geskiedenis (ou vak)		12	5	7	15	17	16	10	17	11	14					
	Griekse geskiedenis en kultuur												14	8	18	14	23
9.	Kunsgeskiedenis en -waardering	I		)		26	13	44	52	19	43	36	53	28	37	41	49
		II		)	32		7	6	9	10	6	10	15	8	4	8	8
		Honns.													1	2	3
		Mag.															
		Dr.															1
		Met.(U.O.D.)															
10.	Latyn	I		30	28	35	44	49	34	30	38	23	29	26	47	47	26
		II		6	7	3	5	7	10	6	8	10	7	6	7	4	13
		III		3	5		2	3	4	6	5	6	4	5	6	10	4
		A (Voorbereidend)		24	18	23	28	11	14	19	8	13	18	20	15	25	29
		Honns.		3	4				1	5	3	1	3	3	5	3	2
		Mag.		2			3	4	3	3	5	5	4	6	6	7	4
		Dr.									1	2	1			1	1
	Klassieke Kultuur (ou vak)			10	12	14	12	6	12	27	20	13					
	Romeinse Geskiedenis en kultuur												10	3	4	13	10

[illegible]

STUDIERIGTING

128.

AANTAL STUDENTE

	1951	1952	1953	1954	1955	1956	1957	1958	1959	1960	1961	1962	1963	1964	1965
16. Staatsleer I	7	18	8	8	17	20	30	14	13	21	23	25	36	40	33
II	2	4	5	1	5	7	5	6	5	4	8	9	13	13	7
III							3	1	3	3	1	7	3	8	3
Honns.	1				1	1						3	4	2	7
Mag.					1	3	3		1	2		2	1	2	3
Dr.				2	1	2		2	3	2	2	2	2	2	2
17. Volkekunde en Naturelleadministrasie :															
Volkekunde I	17	15		28	30	39	24	79	64	83	51	50	52	75	78
II	4	5		2	5	9	6	4	29	28	28	12	26	14	22
III		4		1	1	3	7	6	2	20	22	25	8	18	10
Honns.			2			1		1	3	6	6	5	7	6	2
Mag.					1		1			1	2	3	5	6	5
Dr.			1	1	1						2	2	1	3	1
Naturelleadministrasie I	19	27		22	18	16	23	12	21	14	18	12	21	32	27
II	7	14		2	10	5	7		13	8	3	5	8	8	11
III					2	3	4	3	8	8	4	4	3	5	3
Honns.		2		3			1	3	3	1	2	3	3	2	3
Mag.					1	2	1	1		3	4	2	4	4	3
Dr.								1		1	1	1		2	2
Metodiek (U.O.D.)															
18. Wysbegeerte I	28	27		33	34	21	25	34	26	27	26	17	43	35	31
II	19	27		18	22	20	14	26	19	17	14	16	13	19	15
III	10	10		14	12	15	15	5	15	11	9	10	7	7	11
Honns.		1	1		3	3	4	1	1	2	2	4	3	8	7
Mag.		1		1	3	3	2	2	1	2	3	2	4	5	4
Dr.		1	2	1	1	3	5	5	4	4	4	4	4	4	3
19. Studium A:															
Deel I (2e jaars)						209	245	260	295	301	319	374	365	425	446
Deel II (3e jaars)						190	182	144	232	248	317	268	308	284	321
Studium B :															
Deel I (2e jaars)					)	53	)	14	28	36	48	34	45	49	79
Deel II (3e jaars)					)		)	22	11	20	27	39	27	30	31

STUDIERICHTING

		1951	1952	1953	1954	1955	1956	1957	AANTAL 1958	STUDENTE 1959	1960	1961	1962	1963	1964	1965
20.	Musiek															
(a)	B.Mus.															
	Musiekgeschiedenis I			4	2	2	8	16	11	9	8	6	6	5	18	7
	II		4	6	2	1	1	13	4	6	9	8	3	6	16	7
	III			3	6	7	1	10	7	4	5	8	7	3	16	3
	IV															
	Harmonie I	3	8	7	2	3	10	8	11	8	7	3	6	5	5	8
	II		2	3	1	2	2	13	4	8	9	9	2	6	5	7
	III			2	7	1	1	6	6	4	8	9	9	3	7	5
	IV															
	Kontrapunt I	3	8	3	2	3	10	2	11	9	7	4	6	5	4	7
	II		2	7	1	2	2	8	4	8	9	12	2	6	6	7
	III			2	7	1	1	2	5	4	9	10	11	3	5	5
	IV															
	Algemene Musiekleer I		7	3	2	2	7	8	11	9	7	4	6	5	17	7
	II		3	7	1	2	2	10	5	7	9	8	4	6	16	6
	III			2	7	2		6	6	4	6	7	8	3	9	5
	IV															
	Musiekvoordrag I		9			3	8	2	11	8	7	4	6	5	5	1
	II					1	2	8		7	8	7	2	7	7	5
	III					2	1	2		3	7	8	7	3	7	4
	IV															
	Orkestratie			2	7	2	1	2	8	2	7	8	8	2	7	4
	Kompositie			2	7	2		2	5	4	7	7	9	4	8	5
	Honns. B.Mus.				1	4		1		1	1	1	1	6	6	3
	Mag.						1	2	2	1	2	1	1	2	1	1
	Dr.										1	1	2	2	2	3
(b)	B.A.															
	Musiekgeschiedenis I				3		4	6	4	4	4	9	5	5	3	6
	II				2		4	3	4	3	3	3	7	4	3	2
	III				1		3	4		3	2	3	1		3	2
	Musiekgeschiedenis en -waardering	5	7	9	1			5	3	4	8	6	11	7	11	11
(c)	D.K.O.															
	Orreel I							1		5	6	4	5	4	3	
	II							3		3	6	4		5	3	4
	III									3	3	6	4	1	3	4

STUDIERIGTING

	1951	1952	1953	1954	1955	1956	AANTAL 1957	STUDENTE 1958	1959	1960	1961	1962	1963	1964	1965
20. (f) <u>L.U.O.D.S.</u>															
Musiekgeskiedenis I															4
II															
III															
Harmonie en Kontrapunt I															4
II															
Algemene Musiekleer I															4
II															
Metodiek van Skoolmusiek I															
II															
III															
Praktiese Musiekleer I															4
II															
III															
Praktiese Musiek I															4
II															
III															

FAKULTEIT NATUURWETENSKAPPE :

1. Aardrykskunde I	47	45	50	46	59	61	36	43	51	61	27	33	33	27	31
II	5	23	10	13	15	15	30	12	17	23	16	9	11	16	12
III	12	5	16	7	6	9	10	8	6	10	20	13	7	10	13
I A (U.L.O.D.)			(10)		(28)	(29)	(10)	(22)	(18)	(18)	23	22	15	15	15
Honns.	3	4	4	2	8	4	2	1	2		1	3	5	8	13
Mag.	1	4	3	1		2	2		1				1	2	1
Dr.				2	2	2			1	2		2	2	2	1
Metodiek (U.O.D.)															
2. Chemie I	49	93	70	55		17		122	197	231	223	224	243	189	263
II		41	48	42	23	23	40	77	93	89	95	99	115	122	53
III		21	26	35	23	21	17	29	53	46	36	72	57	55	76
						A & B	A & B								
IA					45	72	88								
IB				31	(64)46	32	73								
IIA (Hhk. en Farmasie)	14			17	6	8	10	59				10			42
IIC						5	5								
Honns.	4			5	11	9	18	12	16	17	8	8	6	2	7
Mag.				7	2		1		4	2	5	8	12	15	8
Dr.									1	1	1				1

[illegible]

STUDIËRICHTING		1951	1952	1953	1954	1955	1956	1957	1958	1959	1960	1961	1962	1963	1964	1965
7.	Geologie I	8	14	6	11	10	14	21	20	19	8	11	7	15	13	16
	II		5	8	6	5	6	4	7	7	6	3	5	3	7	4
	III	1	1	4	5	4	6	7	6	8	5	5	5	4	2	4
	Honns.					3	4	5	1	1	4	4	3	3	4	8
	Mag.	1		2	4	2	1	1	1	2	1	1	4	5	2	3
	Dr.												1		1	1
8.	Huishoudkunde															
(a)	B.Sc.															
	Dieetkunde I					1	2		4	3		1	2	6	3	3
	II					1					3		1	1	4	3
	III											3		2	1	2
(b)	B.Sc. (Huishoudkunde)															
	Kookkuns I	9	15	1	7	7	4	12	1	9	7	6	9	8	6	5
	II	7	6	2	1	4	2	7	2	2	6	5	3	7	6	1
	III	3	3	2			2	7	2	2	1	8	4	3	7	8
	IV							3	1	1	1		6	5	3	3
	Huisbestuur I	11	15	1	6	2	5	10	1		6	5	3	6	6	1
	II		11	1	1	4	2	6	2			3	4	4	7	8
	Kleding I				1	2	2	12	5	1	6	5	3	7	7	3
	II						2	2	2	4	2	4	4	3	6	8
	III								1				5	5	3	3
	Voedingsleer I				2	1	4	2				4	4	3	6	7
	II							4	2		2					
(c)	B.Sc.Huish. (O.K.)															
	Kookkuns I					1	1	1	2	2		2	2	2	2	
	II					3		2		1	3	2		2	3	3
	III						1	1	3		1	1	3		1	4
	Huisbestuur I							1			3	2		2	2	1
	II						1	3	1		1	6	3		1	5
	Kleding I						1	1		1	3	2		2	4	4
	II						1	1	3			5	3		1	4
	III											1	4	2		5
	Voedingsleer I											5	3		2	3
	II															
	Methodiek van Huishoudkunde										1	1	4	2		

STUDIERIGTING

AANTAL STUDENTE

	1951	1952	1953	1954	1955	1956	1957	1958	1959	1960	1961	1962	1963	1964	1965
14. (a) Wiskunde I	37	42	31	40	47	56	56	58	59	69	89	73	90	96	109
II	17	22	21	23	21	27	26	36	28	22	36	46	42	47	46
III	6	8	15	6	14	9	15	16	24	21	20	28	31	26	29
Honns	2	3	4		4	2	2		5	4		2	4	7	3
Mag.	1	1		2	1	1		1	1	1	4	3	4	2	3
Dr.					1	1				2		1	1		
(b) Toegepaste Wiskunde I	28	29	27	29	38	39	41	39	50	57	69	61	64	71	80
II		7	2	2	3	7	8	6	7	6	13	19	11	13	19
III	1		2	1	2	2	2		4	2	1	5	9	2	5
Honns.														1	
Mag.															
Dr.															

FAKULTEIT TEOLOGIE

Th.B. I	6	8	9	14	17	15	12	11	6	9	7	5	14	4	8
II	8	6	8	9	12	17	15	12	11	7	9	7	5	13	4
III	6	8	6	8	7	12	17	14	12	11	7	9	7	4	14
IV		6	8	6	8	7	12	17	15	12	11	7	9	7	4
Mag.				8	8	13		2	11	16	24	19	23	20	15
Dr.				3	2	4		1	2	5	4	6	6	4	3
Bybelkunde I	59	50	37	53	71	75	95	85	116	126	92	131	131	139	111
II		15	18	13	16	19	33	45	40	53	38	39	52	58	65
III			6	12	6	11	12	16	25	28	24	22	22	21	31
Diploma in Bybelkunde I en II														9	25

FAKULTEIT OPVOEDKUNDE

1. <u>Opvoedkunde (B.A.) I</u>															
(a) U.O.D.	36	32	26	31	47	21	26	21	40	24	30	23	31	39	26
(b) U.O.D. (Voorligting)														7	8
(c) B.Sc. (Hhk. O.K.) IV								1	1	1	1	4	2		5

STUDIERIGTING		AANTAL STUDENTE															
		1951	1952	1953	1954	1955	1956	1957	1958	1959	1960	1961	1962	1963	1964	1965	
1.	(d) Onderwysdiploma in Huishoudkunde I		11	12	26	7	8	8	12	14	18	19	17	20	24	19	
	II		7	6	11	14	6	4	4	10	11	14	15	12	11	8	
	III		1		12	9	14	6	3	2	10	10	14	12	12	9	
	(e) U.L.O.D. I					30	13	8	16	15	10	19	22	23	32	22	
	II			9	6	1	18	14	5	10	8	17	14	20	16	24	
	III			4	8	6	9	16	15	5	10	7	17	11	19	16	
	III (Skoolmusiek)																
	III (L.O.)																
	(f) L.U.D.M./P.U.L.M. I																
	II																
	III																
	(g) L.U.O.D.S. I																
	II																
	III																
	(h) U.O.D.M.																
(i) B.Ed. I)			34	31	35	31	16)	20	14)	48)	52)	55	36	25	30		
II)		22	29	28	34	35)	12)										
(j) M.Ed.			28	17		48	34	11	22	22	21	26	29	39	41		
(k) D.Ed.			23	19		28	23	8	20	10	8	22	8	24	27		
2.	Liggaamlike Opvoedkunde																
	B.A., B.Sc. en B.P.Ed. I	25	14	7	7	28	27	31	23	38	33	21	33	41	60	33	
	en U.L.O.D.	6	11	5	5	11	12	10	14	14	17	13	14	33	14	31	
	III	4	4	9	9	7	9	9	11	12	10	13	12	12	14	8	
	IV			4	4	5											
	U.O.D.				13		3	3	6			4	3				
	U.L.O.D.				18		16	14	18			17	14	26	10	9	
	Honns. (ook B.P.Ed.)		3				4	2	3		4	14	10	5	12	9	
	Mag. (ook M.P.Ed.)										4	5	2	3	1	5	
	Dr. (ook D.P.Ed.)						1						2	1			

FAKULTEIT EKONOMIESE WETENSKAPPE

1.	Bankbedryfsleer I en II			9												
2.	Bedryfsekonomie I	39	45	50	61	60	42	62	101	106	90	114	69	84	108	132
	II		33	35	35	42	54	32	50	72	78	59	73	46	47	69
	III			27	27	26	31	36	23	36	53	52	51	68	46	41

		AANTAL STUDENTE														
		1951	1952	1953	1954	1955	1956	1957	1958	1959	1960	1961	1962	1963	1964	1965
2.	Bedryfseconomie Honns. Mag. Dr.		3				9 3 1	5 4 1	8 4	8 	12 7 	19 5	16 3	9 3	18 5 2	10 3
3.	Bedryfsosilogie											3	7			
4.	Economie I II III Honns. Mag. Dr.	56 34 33 2	52 47 28 3 1	51 39 33 20 6 2	63 35 34 17 3	74 43 26 10 17 5	49 50 31 14 11	70 32 34 5 5 8	111 53 25 3 4 2	113 64 29 2 4 3	91 92 32 5 6 	106 57 34 8 4 3	80 66 21 10 2 4	84 66 26 5 8	111 60 16 2 1 7	147 69 27 3 5 2
5.	Ekonomiese Geskiedenis I II			))	56	64) 2)	44	63	94))	89	72))	101	59	76 2	98 1	122
6.	Handel, Geld- en Bankwese I II Honns. Mag. Dr.	26 34 1			29	45 22	77	34 28	43 25	54 32	67 46	54 37	65 8	40 21	46 17 8 1	66 22 1
7.	H.S.K. I II															7
8.	Inkomstebelasting		4		8	9	10	14	16	27	38	51	29	55	50	31
9.	Kosteberekening I ($\frac{1}{2}$) II ($\frac{1}{2}$) I II Honns. Mag. Dr.							15 4		27 9	2 18	62 32		26 35 17 8 4 9	5 79 69 8 6 9	
			5		7		11		20 6		31 22					88 37
10.	Landbouekonomie							13			9 3 3	26 1 5	24 4 5	8 4 9	8 6 9	
11.	L.S.K. I II									11	7	13	4	13	5	9

[illegible]

5.2.2 n Ontleding van tabel XVIII toon :

- 1) dat daar groot onderlinge verskille in die groeitempo van studierigtings voorkom, sodat daar nie sprake van n uniforme groeipatroon in die Univer-siteit is nie;
- 2) dat daar selfs binne individuele departemente nie n vaste groeipatroon bestaan nie, sodat noukeurige prognose van toekomstige studentetalle in bepaalde departemente nouliks kan geskied;
- 3) dat daar in die volgende departemente of studierigtings gedurende die afgelope 15 jaar n opvallende toename in die aantal studente was: ¹⁾

Bantoetale	ongeveer 450%	of ongeveer 30%	per jaar,
Bedryfsielkunde	" 300%	" "	20% " "
Bybelkunde	" 100%	" "	7% " "
Chemie	" 550%	" "	37% " "
Dierkunde	" 600%	" "	40% " "
Duits	" 110%	" "	7% " "
Ekonomiese Wetenskappe	" 250%	" "	17% " "
Farmasie	" 100%	" "	7% " "
Fisika	" 700%	" "	45% " "
Fisiologie	" 300%	" "	20% " "
Frans	" 800%	" "	53% " "
Geologie	" 100%	" "	7% " "
Maatskaplike Werk	" 300%	" "	20% " "
Mikrobiologie	" 800%	" "	53% " "
Musiek	" 200%	" "	13% " "
Opvoedkunde	" 200%	" "	13% " "
Plantkunde	" 500%	" "	33% " "
Sielkunde	" 300%	" "	20% " "
Staatsleer	" 450%	" "	30% " "
Teorie van Statistiek	" 300%	" "	20% " "
Toegepaste Wiskunde	" 300%	" "	20% " "
Volkekunde	" 450%	" "	30% " "
Wiskunde	" 270%	" "	18% " "

- 4) dat daar in die volgende departemente of studierigtings gedurende die afgelope 15 jaar n geringe toename, nl. gemiddeld van 1-6% per jaar in die aantal studente was : ²⁾ Biblioteekkunde, Geskiedenis, Huishoudkunde, Latyn, Maatskaplike Sorg, Perswetenskap, Teologie en Wysbegeerte;
- 5) dat die aantal studente in die volgende departemente n afname toon : Aardrykskunde, Grieks, Higiëne en Semitiese Tale, en
- 6) dat die persentasie van die toename van eerstejaarstudente in die verskillende fakulteite gedurende die jare 1957 tot 1964 soos volg was : ³⁾

-
1. Slegs die aantal eerstejaarstudente is telkens as basis van vergelyking geneem, en enkele van die jonger departement is buite rekening gelaat.
 2. Enkele van die jonger departemente is buite rekening gelaat.
 3. Gegewens is verkry uit die jaarlikse opgawes van die Departement O.K. en W.

TABEL XIX

Toename van eerstejaarstudente tussen 1957 en 1964

Fakulteit	Eerstejaars in 1957	Eerstejaars in 1964	Totale % toename	Jaarlikse % toename
Ekonomiese Wetenskappe	60	108	80%	11.4%
Opvoedkunde	20	66	230%	32.9%
Lettere	180	248	37.8%	5.4%
Natuurwetenskappe	148	196	32.4%	4.6%

Opmerking : By die vertolking van hierdie gegewens moet in ag geneem word dat die Fakulteit Lettere 22 departemente insluit teenoor die 12 van Natuurwetenskappe, sodat die werklike groei per departement in die Natuurwetenskappe bykans twee keer soveel as die in Lettere was.

5.3 Faktore wat toekomstige groei kan beïnvloed

- 5.3.1 Dit is voorts van belang om te let op die toekomsverwagtinge van departemente, aangesien ook dit by die vooruitskatting van behoeftes in ag geneem moet word.
- 5.3.2 Departemente voorsien dat die volgende faktore moontlik 'n gunstige invloed op hulle toekomstige groei mag uitoefen¹⁾ : die instelling van nuwe kursusse in die eie of in ander departemente waartoe die bestaande vak as hulpvak dien; bv. 'n Mediese Fakulteit sal moontlik die departemente Chemie, Dierkunde, Fisika en Plantkunde voordelig beïnvloed; die toenemende vraag na afgestudeerdes in 'n bepaalde vak; die algemene en veral nywerheidsontwikkeling in ons voedingsgebied; die moontlikheid dat 'n bepaalde vak as 'n skoolvak erken word; die pogings van die Departement Ontwikkeling; verbeterde beursfasiliteite; die gees en rigting van die Universiteit in die algemeen en van die bepaalde departement in die besonder; 'n meer gepaste naam vir 'n departement; verbeterde geboue en ander fasiliteite; 'n ruimer personeeltoekenning met gevolglike kleiner klasse; die algemene verhoging van die ekonomiese en kulturele peil van die bevolking en die toenemende bevolkingsaanwas.
- 5.3.3 As moontlike stremmende faktore word genoem : die suigkrag van ander universiteite; 'n moontlike daling van die prestige van die Universiteit indien voorsiening van personeel en fasiliteite nie met die van kompetender inrigtings sou tred hou nie, en onvoorsiene ekonomiese en politieke faktore.
- 5.3.4 Dit is uiters moeilik om op grond van departementele verslae 'n skatting te maak van die moontlike beïnvloeding van die graad van ontwikkeling deur verskillende faktore. Waar departemente wel 'n skatting gewaag het, is dit deurgaans optimisties, soos uit tabel XX blyk.

1. Vgl. die antwoorde op vraag A VI II van die leidraad.

TABEL XX

Verwagte beïnvloeding van die groeitempo in enkele departemente.*

Departement	Verwagte persentasie positiewe (+) of negatiewe (-) beïnvloeding van groei.
Aardrykskunde	+ 20 - 25%
Bedryfseconomie	+ 3%
Biblioteekkunde	+ 10%
Duits	+ 10%
Ekonomie, Geld en Bankwese	+ 30%
Fisika	+ 20 - 50%
Frans	+ 60%
Kunsgeskiedenis	+ 10%
Liggaamlike Opvoedkunde	+ 100%
Maatskaplike Sorg	+ 50%
Mikrobiologie	+ 80 - 100%
Opvoedkunde	+ 10 - 20%
Plantkunde	+ 33 $\frac{1}{3}$ %
Regte	+ 25%
Statistiek	+ 5 - 10%

* Vgl. die antwoorde op vraag A VI 11 van die leidraad.

- 5.3.5 U Komitee deel die optimisme aangaande die toekomstige groeitempo van die Universiteit, en hoewel hy nie oor voldoende gegewens beskik om 'n doeltreffende prognose van die moontlike toekomstige versnelling in die groei-koers te maak nie, voorsien hy dat daar wel 'n versnelling sal intree mits die besondere karakter van die P.U. gehandhaaf word, die personeelbesetting geskik is om elke departement in staat te stel om sy taak ook na prinsipiële standaarde te volvoer en die departement adekwaat toegerus is.

5.4 Toename in die totale getal studente

- 5.4.1 Ten einde enigszins 'n begrip te verkry van die moontlike toekomstige behoeftes aan geboue, personeel en uitrusting is dit nodig om die moontlike toekomstige getal studente so akkuraat moontlik te skat.
- 5.4.2 Die departement Statistiek is derhalwe genader om ondersoek na die verwagte groei van die Universiteit met betrekking tot die studentetal te onderneem. Hiervoor is die syfers vervat in tabel XXI, wat die getalle mans en dames, nagraadse studente en die totale aangee vir die tydperk 1951 tot 1965, soos deur die Administrasie verstrekk.

TABEL XXI

Die aantal studente 1951 - 1965 .

	M a n s			D a m e s			GROOTTOTAAL
	Voorgaads	Nagraads	Totaal	Voorgaads	Nagraads	Totaal	
1951	475	239	714	171	15	186	900
2	492	235	728	191	23	214	942
3	501	263	764	210	18	228	992
4	534	301	835	220	21	241	1,076
5	600	418	1018	243	35	278	1,296
6	595	412	1007	297	31	328	1,335
7	635	395	1030	312	32	344	1,374
8	728	357	1085	357	31	388	1,473
9	828	344	1172	413	50	463	1,635
1960	847	430	1277	454	50	504	1,781
1							
2	819	504	1323	510	68	578	1,901
3	838	599	1437	600	81	681	2,118
4	870	660	1530	659	81	740	2,270
5	967	606	1573	689	88	777	2,350

5.4.3 Die volgende verslag is van die Departement Statistiek ontvang ¹⁾ :

„1. Metode.

Die skatting van verwagte toekomstige studentetalle is gedoen deur van standaard- statistiese prosedures gebruik te maak, nl. regressiemetodes.²⁾

„Hierdie metode kan kortliks soos volg uiteengesit word:

Op die grafiek wat studentetalle vir die jare 1951-1965 voorstel, is 'n kromme van so eenvoudig moontlike vorm gepas wat die groeieigings oor die jare 1951-1965 so goed moontlik weergee. Die krommes word dan oor die jare 1966 tot 1980 voortgesit en die ooreenkomstige skattings word daaruit bepaal.

„Dit is duidelik dat hierdie metode, wat inderdaad neerkom op 'n ekstrapolasie buite die gebied van die beskikbare gegewens, slegs 'n realistiese beeld van die groei sal gee indien aan die volgende vereistes, wat gevolglik aannames in die res van hierdie verslag is, voldoen word :

- (i) Die groeieigings wat oor die jare 1951 tot 1965 bestaan het, bly onveranderd;
- (ii) sekere tegniese vereistes wat nie hier uiteengesit is nie maar wat volgens ons redelike aannames is, word bevredig.³⁾

„Aangesien daar in die toekoms (soos in die verlede) statistiese fluktuasies om die verwagte groeieigings sal voorkom, is 95%-betroubaarheidsgrense vir geskatte studentetalle aangegee.

„Die betekenis hiervan is dat indien aan bogenoemde aannames voldoen word, die betrokke studentetal tussen die gegewe grense sal lê met 'n waarskynlikheid van 95%

„Die metode hierbo is toegepas op voorgraadse mans, nagraadse mans, totaal van mans, voorgraadse dames, nagraadse dames, totaal van dames, totale voorgraadse studente, totale nagraadse studente, totale aantal studente en persentasie nagraadse studente.

„Die 95%-betroubaarheidsgrense is egter slegs vir die projeksie van die totale getal studente gedoen (a.g.v. 'n tekort aan rekenfasiliteite en tyd).⁴⁾

„2. Resultate.

Die groeikrommes waarna hieronder verwys word, is in elke geval volgens standaard- statistiese metodes, bepaal, getoets en bevredigend gevind.⁵⁾

-
- 1. Met dank aan dr. J.H. Venter en mnr. J.M. Hattingh, deur wie die verslag onderteken is.
 - 2. Graybill, F.A. : An introduction to linear statistical models.
 - 3. Ibid.
 - 4. Daar dien op gelet te word dat daar reeds in 1966 'n totaal van 2,640 studente ingeskryf is, wat 7.3% meer is as die geskatte totaal.
 - 5. Graybill, F.A. : An introduction to linear statistical models.

„In elke besondere geval stel X die betrokke studente-aantal voor, terwyl die tyd deurgaans deur t voorgestel word, wat gerieflikheidshalwe 1, 2, 3, ..., 15, ..., 30 genommer word i.p.v. 1951, 1952, 1953, ..., 1965, ..., 1980.

„(i) Voorgraadse mans. Kyk figuur I.

Die groeïneiging was hier lineêr van aard.
Geskatte groeikromme :

$$X = 418.454 + 35.520t$$

Aantal in 1980 geskat ($t = 30$) is 1484.

„(ii) Nagraadse mans. Kyk figuur II.

Die groeïneiging lineêr van aard.
Geskatte groeikromme :

$$X = 193.443 + 28.026t$$

Aantal in 1980 ($t = 30$) is 1034.

„(iii) Totaal mans. Kyk figuur III.

Groeïneiging lineêr van aard.
Geskatte groeikromme :

$$X = 614.490 + 63.212t$$

Aantal in 1980 geskat ($t = 30$) is 2511.

„(iv) Voorgraadse dames. Kyk figuur IV.

Groeïneiging paraboolies van aard.
Geskatte groeikromme :

$$X = 153.070 + 13.125t + 1.566t^2$$

Aantal in 1980 geskat ($t = 30$) is 1956.

„(v) Nagraadse dames. Kyk figuur V.

Groeïneiging paraboolies van aard.
Geskatte groeikromme :

$$X = 16.110 + 0.679t + 0.290t^2$$

Aantal in 1980 geskat ($t = 30$) is 297.

„(vi) Totaal dames. Kyk figuur VI.

Groeïneiging paraboolies van aard.
Geskatte groeikromme :

$$X = 169.181 + 13.800t + 1.855t^2$$

Aantal in 1980 geskat ($t = 30$) is 2253.

„(vii) Totaal voorgraadse studente. Kyk figuur VII

Groeïneiging paraboolies van aard.
Geskatte groeikromme :

$$X = 552.027 + 56.129t + 1.073t^2$$

Aantal in 1980 geskat ($t = 30$) is 3202.

„(viii) Totaal nagraadse studente. Kyk figuur VIII

Groeineiging lineêr van aard.
Geskatte groeikromme :

$$X = 196.352 + 33.377t$$

Aantal in 1980 geskat ($t = 30$) is 1138.

„(ix) Studente totaal. Kyk figuur IX.

Groeineiging parabolies van aard.
Geskatte groeikromme :

$$X = 801.125 + 70.849t + 2.238t^2$$

Aantal in 1980 geskat ($t = 30$) is 4941 ± 778
(95% betroubaarheidsgrense).

„(x) Persentasie nagraadse studente. Kyk figuur X.

Groeineiging lineêr van aard.
Geskatte groeikromme :

$$X = 28.899 + .093t$$

Persentasie in 1980 geskat ($t = 30$) is 31.7%

„(xi) Vergelykende voorstelling van studentetalle volgens komponente :

Kyk figuur XI.

„Opmerking.

Dit is uit die resultate duidelik dat bv. „totale verwagte manstudente in 1980" plus „totale verwagte damestudente in 1980" nie presies ooreenstem met „totale verwagte aantal studente in 1980" nie en net so i.v.m. die som van voorgraadse en nagraadse skattings. Die rede hiervoor is dat dit kan gebeur dat die een term byvoorbeeld lineêr kan groei en die ander term parabolies, terwyl die som van die twee dan byvoorbeeld parabolies groei, ens.

„3. Opsomming en afleidings.

Die volgende blyk uit die analise :

„(i) Daar is 'n essensiële verskil tussen die groeineigings van dames en mans, nl.

(a) die groei van die damestudentetalle is reëlmatiger (toon minder fluktuasies om die algemene neiging) as die van die mans, beide voor- en nagraads;

(b) die groeitempo van die dames is hoër as dié van die mans, beide voor- en nagraads (nl. parabolies vergeleke met die lineêre groei van die mans);


(c) dit wil voorkom asof daar 'n periodieke skommeling met periodes van ± 4 jaar in die groeisyfer van die mans is, maar die beskikbare gegewens is nie genoeg om die kwessie te ondersoek nie (vgl. figure I, II en III).

STUDENTIAL

Fig. I.

52, 53, 54, 55, 56, 57, 58, 59, 60, 61, 62, 63, 64, 65, 66, 67, 68, 69, 70, 71, 72, 73, 74, 75, 76, 77, 78, 79, 80

500
700
900
1100
1300
1500







Fig. III.



DAMES VOORGRAADS

-2000

-1900

-1800

-1700

-1600

-1500

-1400

-1300

-1200

-1100

-1000

-900

-800

-700

-600

-500

-400

-300

200

STUDENTENTAL

TYD

Fig. IV.

'52

'53

'54

'55

'56

'57

'58

'59

'60

'61

'62

'63

'64

'65

'66

'67

'68

'69

'70

'71

'72

'73

'74

'75

'76

'77

'78

'79

'80

DAMES NAGRAADS





Fig. VI.







Fig. VII.


IN GRADES TOTAL

STUDENT TOTAL



TYD

Fig IX.






Fig. 8.

VERGELYKENDE VOORSTELLING VAN STUDEFETALLE




Fig. XL

- „(ii) Dit wil voorkom asof die groeitempo van die manstudiante, beide voor- en nagraads, nie „hoog genoeg" is nie. Sonder verdere inligting en vergelykende syfers kan dit slegs tentatief opgemerk word.
- „(iii) Die persentasie nagraadse studente toon groot fluktuasies, maar dit skyn nie asof daar n essensiële verskil in die persentasie nagraadse studente in die nabye toekoms sal wees vergeleke met die van die afgelope jare nie (vgl. fig. X).

„Aanbeveling.

Ons beveel aan dat hierdie ontleding van jaar tot jaar op datum gebring word met die oog daarop om vas te stel of die groeieigings van die afgelope aantal jare gehandhaaf word al dan nie." 1)

5.5 Moontlike huisvestingsprobleme in die onmiddellike toekoms

- 5.5.1 In weerwil van die betreklik geringe besetting van lesingsale en laboratoria is daar tog departemente wat waarskynlik binne die eersvolgende 2 of 3 jaar ernstige huisvestingsprobleme gaan ondervind. Die paradoksale toestand van tekorte te midde van oorvloed kan, volgens departementele verslae, in hoofsaak aan n kompleks van 3 faktore toegeskryf word, te wete die aantal studente in n bepaalde kursus, die rooster en personeelvoorsiening.
- 5.5.2 n Departement kan byvoorbeeld oor verskeie lokale beskik wat elk n maksimum van 50 studente kan akkommodeer en wat almal in n bepaalde periode vakant is, maar as hy in daardie periode n groep van 70 studente moet huisves, is dit onmoontlik en moet òf hy n ander departement aangeklop word òf die groep moet in twee verdeel en die kursus herhaal word. In hierdie stadium begin die invloed van die rooster en van personeelvoorsiening geld : dit mag naamlik onmoontlik blyk om die kursus te herhaal omdat slegs een dosent daarvoor bevoeg is, sodat dit in verskillende periodes sal moet geskied, terwyl die roostergroepering dit onmoontlik maak; of omdat die enigste bevoegde dosente reeds n volle lesingkwota het. In albei gevalle kan herhaling slegs plaasvind as twee dosente beskikbaar is om n bepaalde lesing gelyktydig aan te bied of as die roostergroeperings die nodige aanpassing ondergaan.
- 5.5.3 Soos uit tabel XVII blyk, maak departemente dikwels van lokale elders gebruik, maar n enkele blik na die lokaalrooster van byvoorbeeld die fakulteit Lettere sal toon dat daar spitstye is waarop selfs die ruime Frans du Toit-gebou ten volle beset is en hulp aan departemente uit ander fakulteite onmoontlik is. Hierbenewens skep die uitgestrektheid van die kampus ongeërf t.a.v. vervoer van noodsaaklike hulpmiddels ensovoorts waar departemente lokale elders moet gebruik.
- 5.5.4 Dit skyn asof die vraagstuk van huisvesting te midde van vakante lokale vanaf drie punte aangedurf moet word, naamlik :

1. Sien voetnota nr. 4 op bl. 145

- 1) voorsiening van gebouekomplekse, wat verderaan breedvoeriger aandag sal geniet;
- 2) beperking van die grootte van klasgroepe, waaroor ook verderaan 'n aanbeveling gemaak word (in hierdie verband moet daarop gewys word dat indien klasgroepe nie tot 'n min of meer bepaalde grootte beperk word nie, dit ernstige toekomstige probleme sal skep : groter en groter lokale gaan toenemend aangevra word, terwyl die bestaande kleiner lokale ontoereikend en nutteloos word en moontlik gesloop sal moet word; 'n stelsel van beperkte klasgrootte - moontlik volgens die huidige beskikbare akkommodasie - sal slegs meer maar nie groter lokale verg met behoud van die voordeel van kapitaalbesteding in die verlede, en wat kan bydra tot balansering van die verhoogde uitgawe aan personeelvoorsiening wat sodanige beleid noodwendig sal meebring);
- 3) 'n moontlike verbeterde aanpassing van die rooster by akkommodasie - naas die ander noodsaaklike faktore -; dit mag ander groeperings of selfs aandlesings verg, of dit mag lonend blyk om die roosterkomitee te belas met die plasing van alle klasgroepe in bepaalde lokale.

5.5.5

Met inagneming van die voorgaande sal dit nou duidelik wees waarom die volgende fakulteite of departemente binne die eersvolgende 3 jaar huisvestingsprobleme sal ondervind indien die verwagte jaarlikse vermeerdering van ongeveer $7\frac{1}{2}\%$ tot 10% in die getal studente plaasvind :

- 1) Aardrykskunde - As gevolg van die natuurlike ontwikkeling van Bodemkunde en Aardrykskunde is 'n kaartkamer, twee lesingsale en laboratorium reeds nodig.
- 2) Ekonomiese Wetenskappe - Die uitbreiding van veral Rekeningkunde I skep alreeds probleme en verg spoedige voorsiening van minstens een ruim lesingsaal en kantore.
- 3) Fisika - Herhaling van praktika het reeds die maksimum deur personeeltoekenning gestel bereik. Die laboratoria vir al drie die voorgaande jare is reeds te klein. Drie groter laboratoria of drie addisionele laboratoria en 'n ruimer of bykomstige eerstejaarslesingsaal moet voorsien word.
- 4) Geologie - 'n Verwagte toeloop van nagraadse studente sal minstens 2 addisionele laboratoria verg .
- 5) Liggaamlike Opvoedkunde - Indien die voorgestelde geriewe op die Oude Molenterrein aangebring word,¹⁾ sal hierdie departement doeltreffend gehuisves wees - so nie sal 'n lesingsaal en oefensaal nodig wees.
- 6) Mikrobiologie en Higiëne - Benewens die feit dat hierdie departement in 'n uiters ondoeltreffende gebou gehuisves is, sal nog 'n lesingsaal en laboratorium nodig wees.

- 7) Musiek - Minstens 6 oefenkamers, 1 orrelkamer en 3 lesingkamers, waarvan een n klankdigte kamer moet wees, sal spoedig voorsien moet word.
- 8) Plantkunde - n Laboratorium met 40 werkplekke moet spoedig voorsien word.
- 9) Regte - Die Hertzogseminaar is reeds te beknop. n Groter seminaarkamer en n lokaal vir n skynhof is nodig.
- 10) Wiskunde - n Groter tweedejaarslesingsaal sal nodig wees. Aangesien hierdie departement in die Fisika-Wiskunde-kompleks gehuisves is, moet hierdie behoefte saam met die van Fisika gesien word.
- 11) Frans du Toit-gebou - Die volgende sal binne drie jaar noodsaaklik wees : 3 lesingkamers met 150 tot 200 sitplekke¹⁾ en kantoorruimte vir 15 dosente²⁾ Die aangewese weg is om n verdere verdieping van ongeveer 13,000 vk.vt. te voorsien.

5.5.6 In die lig van die voorgaande moet die wenslikheid van roosterhersiening en vasstelling van n beleid i.v.m. klasgrootte benadruk word. As n tussentydse reëling word aanbeveel dat die roosterkomitee, op versoek van departemente, ook die nodige lokaalplasings onderneem.

5.5.7 Voorts word aanbeveel dat die volgende departemente/fakulteite binne die eersvolgende drie jaar dringende prioriteit by die uitbreiding of vervanging van geboue moet geniet: Aardrykskunde, Ekonomiese Wetenskappe, Fisika, Geologie, Lettere, Liggaamlike Opvoedkunde, Mikrobiologie, Musiek, Plantkunde, Regte en Wiskunde.

5.6 Voorsiening van gebouekomplekse

5.6.1 Besoeke aan die verskillende geboue toon dat lesingsale ongeveer homogeen is dog dat daar n sterk mate van differensiasie t.o.v. laboratoria voorkom; dat lesingsale in sommige departemente sodanig versier en/of toegerus is dat hulle n bepaalde vakatmosfeer skep; dat sekere demonstrasiegeriewe in enkele lesingsale nodig is en dat dit wenslik is dat lesingsale in die nabyheid van die aanverwante laboratoria moet wees.

5.6.2 Alhoewel dit die ideaal mag wees dat elke departement oor sy eie gerieflik geleë lesingsale moet beskik, blyk dit duidelik uit die voorgaande oorsig dat sodanige voorsiening gekenmerk word deur n uiters onekonomiese besetting. Die vraag is nou of besparing op afsonderlike lesingsale en besteding van sodanig bespaarde geld op noodsaaklike toerusting, beter personeeltoekenning en instelling van nuwe studierigtinge nie gunstig opweeg teen die gerief van eie lokale nie?

5.6.3 Meer ekonomiese besetting van lesingsale kan moontlik teweeggebring word deur die voorsiening van gebouekomplekse waarin gemeenskaplike lesingsale maar eie departementele laboratoria voorkom. Die ervaring van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte in die Frans du Toit-gebou beklemtoon die wenslikheid hiervan.³⁾

-
1. Afhangende van beleid t.o.v. klasgrootte.
 2. Beraming van die dekaan, prof. W.N. Coetzee.
 3. Met die relatief hoë besetting van 36%, vide par. 4.4. hiervan. Vgl. ook die besetting van die lokale van Opvoedkunde en Regte, par. 4.2 hierbo.

- 5.6.4 Die opname dui daarop dat 36 van die 45 departemente ten gunste van voorsiening van gebouekomplekse is, mits aanverwante vakke daarin saamgegroepeer word en mits gemeenskaplike lesingsale maar afsonderlike laboratoria voorsien word.¹⁾
- 5.6.5 Dit blyk ook dat die beginsel van gebouekomplekse alreeds in 'n groot mate toegepas word, byvoorbeeld in die geval van Ekonomiese Wetenskappe, Fisika, Wiskunde en Toegepaste Wiskunde en Statistiek, Lettere en Wysbegeerte, Opvoedkunde, Regte en Teologie. In al hierdie gevalle word gemeenskaplike lesingsale in 'n mindere of meerdere mate ekonomies en sonder veel ongerief gebruik.
- 5.6.6 Volgens departementele verslae kan die volgende bestaande departemente saamgroepeer word in komplekse : Musiek, Spraakleer en Drama, Beeldende Kunste en Kunstgeskiedenis en -waardering; Opvoedkunde, Sielkunde, Sosiologie en Maatskaplike Werk asook die Instituut vir Sielkundige en Opvoedkundige Dienste en Navorsing; Wiskunde, Toegepaste Wiskunde, Statistiek, Chemie en Fisika; Ekonomiese Wetenskappe met sy institute; Lettere; Wysbegeerte, Regte, Etiek en Logika, die Instituut vir Calvinisme, Perswetenskap en Staatsleer; Dierkunde, Fisiologie, Mikrobiologie, Biochemie en Plantkunde; Aardrykskunde, Geologie en Bodemkunde; Teologie. Die departement Liggaamlike Opvoedkunde behoort by die sportgeriewe geplaas te word en Huishoudkunde vorm 'n eie kompleks.
- 5.6.7 Indien nuwe departemente of fakulteite later sou bykom, behoort afsonderlike komplekse vir o.a. Medisyne, Ingenieurswese (saam met Industriële Chemie), Landbou ens. opgerig te word.
- 5.6.8. Dit spreek vanself dat die bestaande geboue slegs geleidelik deur komplekse vervang kan word. Die proses kan egter bespoedig word deur alle aanvullings tot bestaande en alle nuwe geboue sodanig te beplan dat kompleksvorming daardoor bevorder word.
- 5.6.9 In die lig van die voorgaande word aanbeveel dat gebouekomplekse vir aanverwante departemente in die toekoms voorsien sal word; dat sodanige ~~komplekse~~ sal bestaan ~~uit~~ afsonderlike laboratoria en bykomstige geriewe dog gemeenskaplike lesingsale en personeelgeriewe; dat komplekse sodanig ontwerp word dat uitbreiding daarvan moontlik is; dat bestaande geboue sover moontlik by kompleksvorming behou en betrek word; dat die moontlikheid van kompleksvorming telkens oorweeg word alvorens toevoegings tot en/of veranderinge aan bestaande geboue gemaak word en dat ingenieurs onverwyld benoem word om die toekomstige ontwikkeling van die terrein en geboue in sy geheel te beplan.
- 5.7 Bepaling van toekomstige behoeftes aan huisvesting in die huidige departemente.²⁾
- 5.7.1 Metode.
- Soos uit die voorgaande blyk, is die vooruitskatting

1. Vgl. die antwoorde op vraag A VII 8 van die leidraad.
 2. Kyk hoofstuk IV, tabel VI en paragrawe 7.4, 7.5 en 7.6 vir moontlike behoeftes indien ontbrekende studierigtings ingestel word.

van moontlike toekomstige behoeftes aan huisvesting in die verskillende departemente n komplekse taak, omdat die groei van departemente uiters selde volgens n vaste patroon geskied en omdat toekomstige groei van verskillende stimulerende en remmende faktore afhanklik is. Hierbenewens sal die toekomstige voorsiening van geboue in n besondere mate afhang van toekomstige beleid t.a.v. gebouekomplekse, personeeltoekenning, rooster-aanpassing en klasgrootte.

5.7.1.2 In paragraaf 5.5 hierbo is daarop gewys dat enkele departemente by huisvestingsuitbreiding voorkeur moet geniet. Wat die orige departemente betref, is dit, weens die onbepaalbare beïnvloeding deur n verskeidenheid faktore, n onbegonne taak om prioriteit vas te stel. Om hierdie rede is die skatting van toekomstige akkommodasiebehoeftes op n globale basis gedoen en wel soos volg : Die huidige akkommodasie en organisasie is as norm geneem. Hiervolgens is daar tans 339,574 vk. vt. nodig om 2,350 studente te huisves wat neerkom op 144 vk. vt. per student.¹⁾ Vervolgens is aangeneem dat die huidige beleid t.a.v. voorsiening van geboue, die rooster en personeelvoorsiening in die toekoms gehandhaaf sal word - ma.w. dat 144 vk. vt. per student ook as tentatiewe leidraad vir toekomstige beëplanning sal geld. Daarop is die verwagte toename in die aantal studente, volgens figuur IX, as norm geneem om globale huisvestingsbehoeftes vir die toekoms te bepaal.

5.7.1.3 Dit word aanvaar dat om die volgende redes n redelik betroubare prognose langs hierdie weg gemaak kan word :

- 1) Die toekomstige toename in die getal studente kan van 5 - 12 $\frac{1}{2}$ % groter wees as geskat.²⁾ Daar sal derhalwe moontlik n groter geboue-oppervlakte beskikbaar gestel moet word as wat geskat word.
- 2) Hierteenoor is die bestaande lokale nie ten volle beset nie en is dit moontlik dat hulle heelwat meer as die huidige aantal studente kan huisves, sodat die norm van 144 vk. vt. per student ruim genoeg is om n speling van selfs 12 $\frac{1}{2}$ % toe te laat.
- 3) Dit word voorts verwag dat roosteraanpassings, ruimer personeeltoekenning en oprigting van gebouekomplekse ook die verwagte toekomstige behoeftes mag inkort.

5.7.2 Skatting van toekomstige behoeftes aan geboue vir bestaande departemente

5.7.2.1 Volgens bogemelde metode van berekening sal die volgende huisvesting gedurende die eersvolgende 15 jaar aan die bestaande departemente voorsien moet word (tabel XXII) :

1. Vgl. par. 3.2.1.2 hierbo.
2. Vgl. par. 5.3 hierbo.

TABEL XXII

Skatting van behoeftes aan huisvesting in bestaande departemente vir die tydperk 1966 tot 1980.

Jaar	Aantal studente	Totale ruimte benodig teen 144 vk. vt. per student.	Oppervlakte in vk.vt. wat in die betrokke jaar opgerig moet word.	Koste teen R8 per vk. vt.
1965	2,350	339,574	-	-
1966 ¹⁾	2,460	354,240	14,666	R 117,328
1967	2,650	381,600	26,380	R 210,880
1968	2,790	401,760	20,160	R 161,280
1969	2,950	424,800	23,040	R 184,320
1970	3,120	449,280	24,480	R 195,840
1971	3,270	470,880	21,600	R 172,800
1972	3,440	495,360	24,480	R 195,840
1973	3,600	518,400	23,040	R 184,320
1974	3,780	544,320	25,920	R 207,360
1975	3,970	571,680	27,360	R 218,880
1976	4,150	597,600	25,920	R 207,360
1977	4,340	624,960	27,360	R 218,880
1978	4,530	652,320	27,360	R 218,880
1979	4,730	681,120	28,800	R 230,400
1980	4,940	711,360	30,240	R 241,920
Totaal vir 15 jaar			370,786	R2,966,288

5.7.2.2 Uit die voorgaande is dit duidelik dat daar waarskynlik, vir die normale groei van bestaande departemente, n addisionele 370,786 vk. vt. teen n totale koste van R2,966,288 opgerig sal moet word.

5.7.2.3 Op grond van die prognose hierbo onderneem word soos volg aanbeveel :

5.7.2.3.1 n Bedrag van gemiddeld R200,000 per jaar moet gevind word vir uitbreiding van geboue vir bestaande departemente.

5.7.2.3.2 Die geld moet, binne die raamwerk van die globale plan deur die bogenoemde argitek/stadsbeplanners opgestel, ongeveer soos volg bestee word aan :

- 1) n kompleks vir Aardrykskunde, Beplanning, Bodemkunde en Geologie;
- 2) n kompleks vir Biologiese wetenskappe, te wete Plantkunde, Dierkunde, Mikrobiologie, Biochemie, Fisiologie en Anatomie;

1. Daar dien op gelet te word dat daar in 1966 reeds 2,640 studente ingeskryf is. Dit is 7.3% meer as die geskatte getal. Dit is derhalwe moontlik dat die totale behoeftes eerder meer sal wees as wat hierin geskat word.

- 3) n kompleks vir Opvoedkunde en Sielkunde, Sosiologie en Maatskaplike Werk en die Instituut vir Sielkundige en Opvoedkundige Dienste en Navorsing;
- 4) n kompleks vir Fisika en Chemie deur verdubbeling van die huidige Chemiegebou en die insluiting van die huidige Industriële Chemiegebou in hierdie kompleks;
- 5) die oprigting van n nuwe Industriële Chemiegebou as kern van n kompleks vir Ingenieurswese;
- 6) aansienlike uitbreiding van die Farmasiegebou;
- 7) n kompleks vir Wiskunde, Toegepaste Wiskunde en Statistiek in die huidige Fisiologiegebou;
- 8) verdere uitbreiding van die Frans du Toit-gebou;
- 9) n kompleks vir Musiek, Spraakleer, Drama en Beeldende Kunste, insluitende n waardige ouditorium;
- 10) inrigting van die huidige Sielkundegebou vir Ekonomiese Wetenskappe;
- 11) omskepping van die huidige Plantkundegebou in n Administratiewe blok;
- 12) inrigting van die huidige Administratiewegebou vir Regte en verwante dissiplines;
- 13) voorsiening van addisionele geriewe vir Huishoudkunde.

5.7.3.2.2 n Vaste Beplanningskomitee moet in die lewe geroep word, met die opdrag om n voortdurende prognose van toekomstige toename in departementele huisvestingsbehoefte te onderneem, die moontlike voordele van belegging in meer personeellede eerder as in geboue te oorweeg, en om prioriteite vir voorsiening - soos hulle ontwikkel - te bepaal.

5.8 Leemtes in die huidige huisvesting

5.8.1 Die volgende fakulteite en departemente vertoon ernstige leemtes t.a.v. hulle huidige huisvesting, en in afwagting van die voorgestelde voorsiening van komplekse sal tussentydse verligting gebring moet word :

5.8.1.1 Chemie : Die geriewe vir radiochemiese werk is onvoldoende. In hierdie verband moet daar aan sekere wetsvereistes voldoen word. Hierbenewens moet n spesiale lokaal vir die infrarooispektrofotometers ingerig word. Die koste hieraan sal ongeveer R8,000 beloop.

5.8.1.2 Fisiologie : Die bestaande dierehuis moet doeltreffend geventileer word teen n koste van ongeveer R1,000.

5.8.1.3 Grieks en Latyn : Hulle behoort n gemeenskaplike lokaal van ongeveer 1,500 vk.vt. tot hulle beskikking te hê vir die uitstal van kunswerke van Griekse en Romeinse herkoms. Hiervoor behoort in die normale uitbreiding van die Frans du Toit-gebou voorsiening gemaak te word.¹⁾

1. Reeds ingesluit in die beraming van toekomstige behoeftes.

- 5.8.1.4 Huishoudkunde : Die kledingslaboratorium is ondoeltreffend en moet verbeter word teen n koste van ongeveer R2,000.
- 5.8.1.5 Liggaamlike Opvoedkunde : Navorsingslokale en n geskikte gewigtekamer ontbreek. Aanbeveel word dat n navorsingslaboratorium van 500 vk.vt. en n gewigtekamer van 600 vk.vt. voorsien word teen n gesamentlike koste van R8,800.
- 5.8.1.6 Mikrobiologie en Higiëne. Hierdie departement is tans onbevredigend gehuisves. Kantoorruimte en laboratoria vir personeel is onvoldoende; die skamele geriewe in die voorgraadse laboratoria bemoeilik kontrole oor toerusting; lokale waarin gemeenskaplike toerusting gehuisves word, is nie binne maklike bereik van studente nie en lei tot n samedromming; lokale is ook nie altyd geskik vir die besondere tipe apparaat wat daarin geplaas word nie; n kweekhuis, donkerkamer, lokaal vir n elektronmikroskoop en n afsonderlike laboratorium vir grondbiologie ontbreek. Alhoewel dit moontlik sal wees om die bestaande gebou te verander en uit te brei om aan die gespesialiseerde behoeftes te voldoen, beveel u Komitee aan dat hierdie departement plek kry in n Biologiese kompleks wat spoedig opgerig moet word.
- 5.8.1.7 Opvoedkunde en Regte : Hulle is in die ou hoofgebou gehuisves, alwaar verwarming ontbreek. Voorsiening hiervan sal ongeveer R6,000 verg. Aanbeveel word dat verwarmers intussen geïnstalleer word.
- 5.8.1.8 Spraakleer en Drama : Die beskikbare lesingsale in die Frans du Toit-gebou is te beknop, onprivaat en sonder geriewe vir praktiese werk. Aanbeveel word dat, as tydelike maatreël, groter ruimte in die ou Sielkundegebou aan hierdie departement toegeken word.
- 5.8.1.9 Volkekunde en Naturelleadministrasie : Die huidige museum-lesingsaal is te beknop. Aanbeveel word dat die skeidingsmuur tussen twee aangrensende vertrekke wydter word.
- 5.8.2 Dit is uit die voorgaande duidelik dat verwydering van leemtes uit bestaande geboue n verdere bedrag van ongeveer R25,800 sal verg. Aangesien hierdie geboue nog geruime tyd beset sal word, moet die nodige verligting so spoedig moontlik aangebring word.

6. TOERUSTING VAN DIE HUIDIGE DEPARTEMENTE

- 6.1 Ten einde die doeleindes van die Universiteit effektief te bevorder is ook toerusting nodig, moet die toerusting tred hou met die ontwikkeling van die wetenskap en tegniek en moet die toerusting effektief gebruik word.

6.2 Leemtes in die huidige toerusting

- 6.2.1 Volgens departementele verslae bestaan die volgende ernstige tekorte aan toerusting en tegnisi vir die instandhouding daarvan (tabel XXIII) :

TABEL XXIII

Tekorte aan toerusting en tegnisi in bestaande departemente.1)

Departement	Ontbrekende toerusting	Koste R	Benodigde tegniese assistente.	Koste R	Totale koste R
Bantoetale	Transistor-presisieband-opnemer	800			
	Kimograaf, sonograaf en ossilloskoop	600			1,400
Biblioteekkunde	Epidiaskoop	500			500
Chemie	621 Perkin-Elmer Infrarooi-spektrofotometer	20,000			
	Gonybalans	3,000			
	Registrerende Ultraviolet-spektrofotometer	4,500			
	Navorsingsspektrograaf	25,000	2	6,000	
	Registrerende polarograaf	4,500			
	Eenvoudige infrarooispektrofotometer	3,500			
	Eenvoudige ultraviolet-spektrofotometer	2,000			64,500
	Eenvoudige gaschromatograaf	2,000			6,000 per jaar
Dierkunde	Standaardmateriaal : 1e - 3e jaars	10,000			
	Mikroskope	1,500			
	Mikroskoopbeligting	1,000			
	Apparaat vir eksperimentele werk	1,000			
	Oudiovisuele hulpmiddels	1,000			
	Navorsings- en stereo-mikroskope	4,000			
	Vriesmikrotoom	400			
	Homogeniseerder	300			
	Outomatiese temperatuur- en vogreguleerder	4,000			
	Apparaat vir nagraadse eksperimentele werk	30,000			53,200
Engels	Taallaboratorium*	10,000	1	3,000	10,000 + 3,000 per jaar
Farmasie	Diverse	17,555	2	6,000	17,555 + 6,000 per jaar

Departement	Ontbrekende toerusting	Koste R	Benodigde teg- niese assis- tente	Koste R	Totale koste R
Fisika	Toets- en meetinstrumente	28,000			
	Instrumentasie by kern- versneller	26,000			
	Standaardapparaat :				
	1e jaars	10,000			
	2e jaars	5,000			
	3e jaars	8,000	1	3,000	195,000
	Honns.	16,000			
	Elektroniese Rekenouto- maat *	100,000			+ 3,000 per jaar
Fisiologie	Bloedvloeiometer	4,000			
	Standaardapparaat 1e-3e jaars	4,000			
	Ossilloskoopkamera	500			
	Sentrifugeermasjien	300	3 assistente	3,600	
	Operasielamp	200	1 ammanuensis	1,800	
	Elektroniese stimuleerder	2,000			29,500
	Stereo mikroskoop	500			
	Ultra-sentrifugeermasjien	18,000			5,400 per jaar
Frans	Platespeler	50			
	Bandopnemer	110			
	Biblioteekkaartlaaie	9			
	Tikmasjien met Franse tekens	91			
	5,000 Biblioteekkaartjies	7-50			267-50
Geologie	X-straal diffraksieapparaat	18,000			
	Spoorkamera	3,500	1	3,000	
	Ammoniakafdrukmasjien	1,500			23,500 +
	D.T.A.-apparaat	500			3,000 per jaar
Geregtelike Geneeskunde en Persreg	Projektor	450			450
Huishoudkunde	6 Naaimasjiene	1,080			
	Standaardapparaat	880			1,960
Kunsgeskiedenis	Oudiovisuele middele	1,000			1,000
Mikrobiologie	Hoëspoedsentrifugeerder	11,000			
	Outoklaaf (groot)	1,600	1	3,000	44,600
	Elektronmikroskoop*	32,000			3,000 per jaar
Musiek	Epidiaskoop	500			
	4 Vleuelklaviere	6,500			
	1 Oefenorrel	2,000			
	1 Oond (vir Onthale)	1,000			10,000

Departement	Ontbrekende toerusting	Koste R	Benodigde teg- niese assis- tente.	Koste R	Totale koste R
Plantkunde	5 Klimaatkamers	40,000			
	Isotoopnavorsingseenheid	2,000			
	Gaschromatograaf	6,000			
	Vriesdroogapparaat	2,700			
	Lae temperatuur- sentrifugeerder	3,000			
	Densitometer	2,000			
	Elektroforese-apparaat	2,000	1	3,000	
	Mikromanipulator	400			
	Lae temperatuur-broeikas	400			
	Outoklaaf	1,000			
	2 Gewone broeikaste	600			
	1 Navorsingsmikroskoop	500			
	Skaduapparaat	300			
	10 Staal herbariumkiste	800			
	Polythelenehuis in veldtuin	300			
	6 Staalvertoonkoste	360			
	Objektiewe en meganiese tafels vir 80 mikroskope	1,000			
	Ontleedmikroskoop	300			
	20 Stereoskopiese mikroskope	800			
	Weerkundige apparaat	1,000			
	Parheliometer	900			
	Muhler-apparaat	800			
	3 Termohigrograwe	180			76,190 +
	Foxborro	650			3,000 p.j.
Regsfilosofie en Regsverge- lyking	1 Tikmasjien	150			
	1 Afrolmasjien	250			400
Staatsleer	Landkaarte ens.	450	1	3,000	450 + 3,000 p.j.
	TOTALE		14		530,472-50 + 35,400 p.j.

1. Volgens die antwoorde op vraag A VII 9 van die leidraad.

* Verskillende departemente het hierdie apparaat nodig. Volgens beskikbare inligting is dit verkieslik om n rekenoutomaat te huur eerder as om dit te koop.

6.2.2 Ten einde sy bestaande departemente volgens die vereistes van departementshoofde uitnemend toe te rus sal die Universiteit derhalwe so spoedig moontlik n bedrag van R530,475-50 moet vind en jaarliks R38,700 aan bykomende lone en instandhouding moet bestee.

6.2.3 Aangesien dit uiters moeilik is om in n algemene opname werklik essensiële behoeftes en prioriteite van voor-

siening te bepaal, word aanbeveel dat die Universiteit 'n deeglike opname onderneem om die werklike behoeftes aan toerusting en tegnici te bepaal, die tentatiewe gegewens van hierdie verslag te kontroleer en 'n program op te stel waarvolgens die behoeftes sistematies en volgens vermoë bevredig kan word.

6.3 Die instandhouding en doelmatige gebruik van apparaat

- 6.3.1 Effektiewe bevordering van die Universiteitsdoeleindes verg - benewens die voorsiening van die nodige geboue, toerusting en dosente - maatreëls om te verseker dat die duur en gespesialiseerde apparaat in stand gehou en doeltreffend en ekonomies gebruik word. Weens die gespesialiseerdheid van sommige toerusting en die veelvuldige doseer- en ander verpligtinge van dosente is lg. nie altyd by magte om die nodige instandhouding en roetinegebruik self te onderneem of te beheer nie.
- 6.3.2 Verskillende departemente¹⁾ ondervind probleme i.v.m. die instandhouding van apparaat, soos saamgevat in tabel XXIV.

TABEL XXIV

Probleme i.v.m. die instandhouding van apparaat*

Departement	Probleme	Personeel benodig	Koste (R)
Chemie	Weens te min elektronici moet apparaat soms na Johannesburg gestuur word. Die nodige geld moet hiervoor bewillig word.	--	400 per jaar
Dierkunde	(a) Dringende herstel werk aan elektriese apparaat moet dikwels wag omdat die enkele elektronikus van Fisika elders besig is.	1 Elektronikus	4,800 per jaar
	(b) Samestelling van besondere elektriese apparaat word om bg. rede ernstig vertraag.		
	(c) Onverkrygbare of duur apparaat kan nie gemaak word nie weens gebrek aan 'n instrumentmaker	1 Instrumentmaker	4,800 per jaar
Farmasie	Word ernstig vertraag deurdat die tegniese personeel van Fisika elders besig is.	1 Elektronikus 1 Instrumentmaker	4,800 per jaar 4,800 per jaar
Fisika	Die enkele elektronikus is voltyds beset met die instandhouding van toetsapparatuur en die kernversneller, sodat navorsingsapparaat deur nagraadse studente bedien moet word. Die ander drie installasies het elk 'n tegnikus nodig vir onderhoud en ontwikkeling	3 Tegnici	10,800 per jaar
Fisiologie	Kosbare tyd van hoog besoldigde dosente moet noodgedwonge aan apparaatkonstruksie, instandhouding en roetinehantering bestee word.	1 Ammanuensis	1,000 per jaar

1. Vgl. die antwoorde op vraag A VII 10 van die leidraad.

Departement	Probleme	Personeel benodig	Koste (R)
Industriële Chemie	Weens gebrek aan tegnici word werkstukke soms tot 6 maande vertraag.	1 Meganikus 1 Elektronikus	9,600 per jaar
Totaal		10 tegnici en versendingkoste	R37,800 per jaar

* Vgl. die antwoorde op vraag A VII 10 van die leidraad.

- 6.3.3 Dit is duidelik¹⁾ dat die doeltreffende gebruik van apparaat ernstig bemoeilik word deur die tekort aan instandhoudings- en hanteringspersoneel. Dit sal egter onekonomies wees om in hierdie stadium tegnici tot bevrediging van alle departemente te benoem. Aanbeveel word dat 'n sentrale groep tegnici in die huidige werkplek by Fisika saamgetrek en uitgebrei word deur die benoeming van 1 meganikus, 1 elektromikus en 1 instrumentmaker en dat 'n ammanuensis vir die departement Fisiologie oorweeg word. 'n Bedrag van R11,800 per jaar sal hiervoor gevind moet word.

6.4 Die aanwending van gespesialiseerde apparaat

- 6.4.1 In die reël benut departemente die apparaat tot hulle beskikking bevredigend,²⁾ met inagneming van bg. probleme. Die departement Fisika beskik egter oor 'n Infrarooi- en 'n Roosterspektrometer wat selde gebruik word weens gebrek aan tegniese hulp en tyd; Aardrykskunde het 'n fotoskoop wat eers ten volle benut sal word as die Vaalrivierprojek op dreef kom, en Ekonomie, Geld- en Bankwese beskik oor 'n Goedere-geld-vloeiapparaat wat nog nie voltooi is nie en gevolglik nog nie gebruik word nie.

6.5 Oortollige en verouderde apparaat

- 6.5.1 Geen departement beskik tans oor oortollige apparaat nie.

- 6.5.2 Die volgende verouderde toerusting kom egter voor :³⁾

- 1) Aardrykskunde : 1 16 mm.-klankprojektor;
- 2) Afrikaans-Nederlands : 1 kimograaf;
- 3) Dierkunde : 20 mikroskope;
- 4) Fisiologie : etlike mikroskope;
- 5) Huishoudkunde : etlike ou stryksters en naaimasjiene;
- 6) Musiek : verskeie ou klaviere;
- 7) Perswetenskap : ; tikmasjien;
- 8) Sielkunde : 'n verouderde E.E.G.

1. Onderzoek ter plaatse staaf die stellings van die verskillende departemente; daar is ook verdere departemente met soortgelyke probleme dog van geringer omvang.
2. Vgl. die antwoorde op vraag A VII 11.
3. Vgl. die antwoorde op vraag A VII 12.

- 6.5.3 Aanbeveel word dat die Administrasie gereelde opnames van verouderde en ondienlike toerusting in departemente - insluitende die Tegnieese Departement - onderneem en reëlings tref vir die verkoop daarvan.

6.6 Interdepartementele gebruik van apparaat

- 6.6.1 Dit is reeds n taamlik algemene gebruik van die Universiteit dat sekere apparaat interdepartementeel gebruik word. Die volgende is voorbeelde hiervan ¹⁾ :
- 1) Alle departemente : motorvoertuie;
 - 2) Chemie en Farmasie : spektrofotometers en gas-chromatograaf;
 - 3) Chemie en Fisika : kernversneller, toetsapparatuur en infrarooispektrometer;
 - 4) Chemie en Fisiologie : spektrofotometer;
 - 5) Dierkunde en Ekonomiese Wetenskappe : n filmprojektor;
 - 6) Farmasie en Mikrobiologie : sentrifugeerapparaat;
 - 7) Farmasie en Plantkunde : fraksieversamelaar;
 - 8) Fisiologie en Farmasie : fisiograaf en spektrofotometer;
 - 9) Latyn en Grieks : n filmprojektor en landkaarte;
 - 10) Opvoedkunde en Sielkunde : toetsmateriaal vir voorligting;
 - 11) Perswetenskap, Opvoedkunde, Ekonomiese Wetenskappe en Maatskaplike werk : tikmasjiene;
 - 12) Volkekunde en enige belanghebbende departement : n filmprojektor, bandopnemer en kamera.
- 6.6.2 Van die departemente wat tans apparaat gesamentlik gebruik, verklaar dat die gesamentlike gebruik geen ongerief meebring nie²⁾ : Opvoedkunde, Sielkunde, Perswetenskap, Dierkunde, Fisika, Fisiologie, Grieks en Latyn. Die volgende vind interdepartementele gebruik van apparaat egter ongerieflik : Mikrobiologie, Chemie en Farmasie. Lg. departement voer aan dat die tye van gebruik soms bots, dat apparaat nie altyd met die nodige sorg gehanteer word nie, dat rondra van apparaat lei tot beskadiging, dat tyd verspil word om die apparaat te bereik en gebruikstye te reël, dat apparaat telkens ingestel moet word nadat andere dit gebruik het, dat dit lastig is om toetsmateriaal rond te dra en dat studente nie voldoende geleenthede kry om interdepartementele apparaat te gebruik nie.
- 6.6.3 Belanghebbendes voer aan dat slegs besondere apparaat vir interdepartementele gebruik geskik is. Voorbeelde hiervan is : Sielkundige toetsmateriaal, projektors, bandopnemers, n elektronmikroskoop en sekere spesiale mikroskope, fotografiese apparaat, tikmasjiene, X-straalapparaat, n ammoniakafdrukmasjien, n rekenoutomaat, afrolmasjiene, rekenmasjiene, elektrofone, n analoog-rekenaar, spektrometers, fraksieversamelaars, elektriese toetsinstrumentasie, vloeibare lig-apparaat, massaspektrograaf, sonograaf, kimograaf, ossilloskoop, landkaarte, n taalwerkkamer en voertuie.

1. Vgl. die antwoorde op vraag A VIII 13 van die leidraad.
 2. Ibid, vraag A VII 14.

- 6.6.4 Indien die opgawes van ontbrekende apparaat nagegaan word, blyk dit dat heelwat van bg. apparaat daarin voorkom en deur verskillende departemente aangevra word. Dit spreek vanself dat interdepartementele gebruik van apparaat n aansienlike besparing van geld en vollediger apparaatbesetting sal meebring.
- 6.6.5 In die lig van die voorgaande word aanbeveel dat dit voortaan die beleid van die Universiteit moet wees om sekere gespesialiseerde apparaat slegs op n interdepartementele grondslag te voorsien; dat die bestaande Advieskomitee i.s. Gespesialiseerde Apparaat omgeskep word in n Advieskomitee i.s. Interdepartementele Toerusting, met die opdrag om n lys saam te stel en by te hou van apparaat wat voortaan interdepartementeel voorsien sal word; om die Rektor te adviseer i.v.m. die huisvesting van sodanige apparaat en om n reglement t.o.v. die aankoop, beheer, instandhouding en gebruik van interdepartementele apparaat saam te stel en dat hierdie Advieskomitee oorweging daaraan moet skenk om sekere bestaande apparaat, wat met Universiteitsgeld aangekoop is, tot interdepartementele apparaat te verklaar.
- 6.7 Voorsiening en gebruik van voertuie
- 6.7.1 Volgens departementele verslae¹⁾ is daar n toenemende behoefte om individuele of groeps- studie- en navorsingsekskursies te onderneem, en hiervoor is motor-, an selfs reeds ander, vervoer nodig.
- 6.7.2 Die Universiteit beskik tans oor die volgende voertuie vir gebruik deur dosente ²⁾:

TABEL XXV

Universiteitsvoertuie.^x

Voertuig	Aantal	Verantwoordelike departement
Volkswagen-Kombi	1	Aardrykskunde
Volkswagen-Kombi	1	Plantkunde
Volkswagen-Kombi	2	Tegniese Departement
Thames-Kombi [*]	1	Dierkunde
Landrover met sleepwa	1	Volkekunde
Landrover met sleepwa	1	Aardrykskunde
International bakkie met sleepwa	1	Geologie
Willys l.a.w. met sleepwa	1	Bantoetale
Renault R8 [*]	1	Dierkunde
Navorsingsboot [*]	1	Dierkunde
Mobiele laboratorium [*]	1	Dierkunde

-
1. Vgl. die antwoorde op vraag A VII 16 en 17.
 2. Die Taunus- en die Mercedesbus van die S.R. is buite rekening gelaat.

Voertuig	Aantal	Verantwoordelike departement
Vragmotors	5	Tegniese Departement
Motorkarre	<u>3</u>	Departement Ontwikkeling
Totaal	20	

x Vgl. die antwoorde op vraag A VII 16.

* Hierdie voertuie is met geld van belanghebbendes buite die Universiteit vir spesiale doeleindes aangekoop.

- 6.7.3 Die departemente hierbo aangedui is vir die betrokke voertuie verantwoordelik, dog die Registrateur en Tegniese Departement reël die gebruik daarvan, en dit staan enige departement vry om aansoek te doen om die amptelike gebruik van n voertuig.
- 6.7.4 Ten spyte van bogemelde voorsiening is daar by dosente van Kosteberekening en Rekeningkunde behoefte aan n motorkar vir persoonlike besoeke aan nywerheidsentra; van Sosiologie en Maatskaplike Werk aan n voertuig vir vervoer van groepe studente; van Liggaamlike Opvoedkunde vir n bus wat ongeveer 20 studente kan vervoer en met n sleepwa vir vervoer van apparaat na vertonings; van Fisika vir n Volkswagen-Kombi en van Chemie en Fisiologie vir voertuie om studiereise te onderneem. Hierbenewens het Dierkunde n helikopter nodig vir lugopnames i.v.m. slak- en ander navorsing.
- 6.7.5 Dit is duidelik dat dieselfde oorwegings wat vir interdepartementele apparaat geld, ook geld vir voertuie. Dit word derhalwe aanbeveel dat geen huidige of toekomstige voertuie wat met Universiteitsgeld aangekoop word, aan n bepaalde departement verbind moet word nie; dat alle Universiteitsvoertuie as interdepartementele toerusting beskou moet word; dat die voertuie onderhou en beheer sal word deur die Hoof- Tegniese beamppte onder toesig van die Rektor bygestaan deur die Advieskomitee i.s. Interdepartementele Toerusting en dat hierdie Advieskomitee n reglement vir die beheer, instandhouding en gebruik van sodanige voertuie sal saamstel.
- 6.7.6 U Komitee is voorts van oordeel dat daar vir die huidige voldoende voertuie is dog dat sommige departemente nie daarvan bewus is dat hulle van die bestaande voertuie kan gebruik nie, en dat gemotiveerde aansoeke om verdere voertuie in ooreenstemming met die reglement wat opgestel behoort te word, deur die betrokke Advieskomitee oorweeg moet word.
- 6.8 Probleme i.v.m. die verkry, toegang tot en huisvesting van apparaat
- 6.8.1 Die mees algemene probleem is die gebrek aan voldoende geld. Verskillende departemente, waaronder Dierkunde, Farmasie, Fisiologie, Geologie, Mikrobiologie, Plantkunde, Statistiek, Wiskunde en Toegepaste Wiskunde en Kunsgeskiedenis en -waardering moet belangrike toerusting ontbeer weens ontoereikende toelaes. In hierdie verband moet daarop gewys word dat Kunsgeskiedenis

besondere probleme ondervind, aangesien oudiovisuele middele noodsaaklik is, en daarom word aanbeveel dat aan hierdie departement n jaarlikse toelae toegestaan word vir die aankoop van plate, kleurskyfies, skilderye en beeldhouwerk.

- 6.8.2 U Komitee is voorts oortuig dat die probleme i.v.m. besondere toerusting opgelos of verlig sal word deur doeltreffende toepassing van die beleid van voorsiening van inderdepartementele apparaat en deur die aankoop van die ontbrekende apparaat wat hoërop aanbeveel is.
- 6.8.3 Die volgende departemente ondervind probleme i.v.m. doeltreffende huisvesting van apparaat ¹⁾: Aardrykskunde, Fisiologie, Geologie, Liggaamlike Opvoedkunde, Mikrobiologie, Plantkunde en Spraakleer en Drama. Die gevolg hiervan is dat apparaat in ongeskikte en soms moeilik bekombare plekke opgestel is, aan beskadiging blootgestel is of onnodig vervoer moet word. Dit spreek vanself dat genoemde faktore doeltreffende gebruik bemoeilik. Indien die reeds aangeduide toevoegings tot bestaande lokale gemaak word, sal hierdie probleme opgelos word.
- 6.8.4 Slegs die departement Fisiologie ondervind moeilikheid met toegang tot besondere apparaat in soverre die gebruik van n sentrifugeermasjien hom deur n ander departement geweier is. Hierdie verskynsel onderstreep die noodsaaklikheid van reglementering van die gebruik van interdepartementele apparaat.

7. PERSONEELBESTUUR

7.1 Diensvoorwaardes

- 7.1.1 By diensaanvaarding onderteken elke dosent n afskrif van die "Diensvoorwaardes en verlofregulasies vir doserende personeel". In hierdie dokument is die volgende sake uiteengesit: benoeming, beëindiging van diens, aftreding, salaris, voorsorgfonds, pligte en verdere diensvoorwaardes, jaarlikse verlof, langverlof, studieverlof, geleentheidsverlof, spesiale verlof, siekteverlof, verlofgratifikasies en die voorbehoud van die Raad om die diensregulasies te mag wysig.
- 7.1.2 Gemelde dokument is reeds van tyd tot tyd gewysig, onder meer t.o.v. langverlof (art. 8.1.3) en herbenoeming van dosente na aftrede (art. 3.1.2). Hierdie wysigings is nog nie in die dokument aangebring nie. Voorts het die instelling van n pensioenskema ook die hersiening van art. 5.1 daarvan nodig gemaak.
- 7.1.3 Die Adjunk-Registrateur meld in n skrywe: "Ek glo sterk dat die hele Universiteit se diensregulasies grondige hersiening nodig het: doserend, administratief, terrein en geboue, koshuise, konservatorium, tydelike en voltydse werknemers - blank en nie-blank. Dit geld nie slegs verlofvoorwaardes nie maar alle aspekte. ... Party van ons regulasies is so onduidelik dat dit moeilik interpreteerbaar geword het. In baie gevalle is bepalinge verouder."

1. Vgl. die antwoorde op vraag A VII 18 van die leidraad.

7.1.4 Die voorgaande verwysings na moontlike leemtes in die huidige dokumente en die onkoste en tyd wat aanpassing by hersiene voorwaardes verg, onderstreep die noodsaaklikheid van periodieke, geheelomvattende en deeglike hersiening van diensvoorwaardes eerder as voortdurende wysigings van losstaande dele daarvan.

7.1.5 In die lig van die aangeduide leemtes in die dokument het die tyd reeds aangebreek om die nodige hersiening te onderneem. Aanbeveel word dat 'n ad hoc-komitee benoem word om hierdie taak te verrig. Sodanige komitee moet insluit 'n regsgeleerde, die Registrateur, die Adjunk-Registrateur, die Rekenmeester en een of meer verteenwoordigers van elk van die volgende : die dosente, die konservatorium, die huisvaders en die Tegniese Departement.

7.1.6 Volgens departementele verslae sal dit nodig wees dat die voorgestelde komitee besondere aandag skenk aan salarisse, verlof en grensvoordele.

7.1.6.1 Salarisse

Vraagstukke wat in hierdie verband onder die loepe geneem moet word, is :

- 1) Is die huidige salarisstruktuur en omvang sodanig dat dit daartoe bydra om werklik voortreflike akademiese, administratiewe personeel, tegnisi en ander werknemers te trek en te behou? (Indien dit nie die geval is nie moet verbeterings aan die Raad voorgestel word).
- 2) In watter mate moet alle of sekere dosente toegelaat word om 'n deeltydse praktyk te beoefen?

7.1.6.2 Verlof

7.1.6.2.1 Daar heers 'n algemene gevoel dat verloftoewings t.o.v. studie gemaak moet word. Die volgende moontlikhede word in hierdie verband aan die hand gegee 1) : 'n halwe of hele maand studieverlof per voltooide diensjaar; 3 maande betaalde studieverlof in elke siklus van 6 voltooide diensjare; verdubbeling van langverlof as dit vir studiedoeleindes gebruik word, en 1 jaar betaalde studieverlof in elke siklus van 8 voltooide diensjare.

7.1.6.2.2 Daar bestaan 'n ewe sterk gevoel dat die huidige reëling van 3 maande langverlof met volle en 3 maande met halfsalaris in elke siklus van 6 voltooide diensjare onrealisties is, in soverre weinig dosente van die verlof teen halfsalaris gebruik kan maak vanweë vaste geldelike verpligtinge. Die bestaande verlofreëling is derhalwe nie daarop ingestel om die finansiële struikelblokke van dosente wat wil studeer, uit die weg te ruim nie. Departemente gee die volgende wenke t.o.v. verbetering van langverlof aan die hand ten einde dit vir dosente moontlik te maak om sonder verswarende omstandighede hulle verlof vir studiedoeleindes aan te wend en sonder dat bykomende betaalde studieverlof toegestaan hoef te word :

1. Vgl. die antwoorde op vraag B VI I van die leidraad.

- 1) Konsolideer die 3 maande langverlof teen halfsalaris tot $1\frac{1}{2}$ maande met volle salaris, sodat 'n dosent na 6 jaar diens $4\frac{1}{2}$ maande verlof met volle salaris mag neem. Hierdie voorstel bring egter ernstige probleme t.o.v. die vind van plaasvervangers mee, omdat geskikte persone nouliks vir, byvoorbeeld, die tydperk ; Januarie tot 15 Mei gevind sal word.
- 2) Konsolideer die verlof met halfsalaris soos hierbo, maar met die vergunning dat die verlof op die eerste dag van die semester moet begin. Wat die eerste semester betref, sal die verlof dan ongeveer vanaf 15 Februarie tot die 30e Junie strek en wat derhalwe neerkom op 6 maande verlof na 6 diensjare. So-danige reëling sal egter meebring dat 'n plaasvervanger vanaf 15 Februarie gevind moet word, wat dikwels nie moontlik sal wees nie. Plaasvervangers sal in die reël vanaf 1 Januarie besoldig moet word, wat noodwendig 'n bykomende uitgawe van $1\frac{1}{2}$ maand se salaris sal meebring.
- 3) Verkort die verlofsiklus tot 5 jaar, met behoud van die huidige voordele van 3 maande verlof met volle en 3 maande met halfsalaris. Dit los nog nie die probleem op van diegene wat dit moeilik vind om verlof teen halfsalaris te benut nie, en dit bring 'n aanmerklike ekstra uitgawe mee. Die verloftydperk word egter inderdaad verleng, ook vir diegene wat dit vir studie wil aanwend.
- 4) Verkort die verlofsiklus tot 5 jaar, met behoud van die huidige voordele van 3 maande verlof met volle en 3 maande met halfsalaris maar voeg daarby 'n uitgebreide beursskema, deur die Raad gefinansier, waarvolgens dosente - onder bepaalde voorwaardes van keuring, bewyse van vordering en voortsetting van diens na afloop van die studietydperk - kan aansoek doen om studiebeurse wat die verlof teen halfsalaris ten volle kan aanvul. Vanselfsprekend sal hiermee nóg groter uitgawes as in (3) hierbo vereis word.
- 5) Behou die huidige vergunning van 3 maande verlof met volle salaris in elke siklus van 6 voltooide diensjare en laat die verlof teen halfsalaris verval op voorwaarde dat na 9 jaar diens $4\frac{1}{2}$ maand en na 12 jaar 6 maande opgehoopte verlof teen volle salaris geneem kan word en dat 'n halwe maand studieverlof teen volle salaris vir elke voltooide diensjaar toegestaan kan word, met 'n maksimum van 6 maande in elke siklus van 12 jaar.¹⁾ Hierdie voorstel behels dat 'n dosent wat wil studeer, na 6 jaar diens 6 maande, na 9 jaar diens 9 maande en na 12 jaar diens 12 maande verlof met volle salaris kan kry. Indien alle dosente van sodanige vergunning gebruik maak sal dit 'n bykomende uitgawe van tussen R18,000 en R37,500 per jaar verg.²⁾ Daar

1. Samevatting van die Senaatskomitee i.s. verlof.
 2. Bereken vir 150 dosente teen 'n gemiddelde jaarlikse salaris van R500 p.m. en afhangende van hoeveel dosente in die verlede verlof teen halfsalaris geneem het.

dien ook op gelet te word dat diegene wat nie hulle langverlof vir studie wil aanwend nie, onder hierdie skema die huidige voorreg van 3 maande verlof teen halfsalaris in elke kringloop van 6 jaar inboet.

- 6) Behou die huidige verlofvoorwaardes, nl. 3 maande teen volle en 3 maande teen halfsalaris in elke siklus van 6 voltooide diensjare maar voeg daarby n uitgebreide beursskema - soos in (4) hierbo uiteengesit. Dit bring vir dosente wat wil studeer, n verdere voorreg mee dog met teenprestasie van hulle kant. Langs hierdie weg word die uitgawes weliswaar verhoog¹⁾ dog tot gewaarborgde voordeel van die Universiteit, word dosente wat wil studeer, tegemoetgekom en word geen bestaande voordele aangetas nie.
- 7) Behou in beginsel die huidige reëling van 3 maande verlof teen volle en 3 maande teen halfsalaris in elke siklus van 6 voltooide diensjare maar maak die volgende toegewings:
 - (a) Die 6 maande verlof teen halfsalaris in elke siklus van 12 jaar kan, volgens die keuse van die dosent, gekonsolideer word tot 3 maande verlof met volle salaris. D.w.s. n dosent mag na 6 jaar diens 3 maande verlof teen volle salaris en 3 maande teen halfsalaris neem, of hy mag 3 maande teen volle salaris neem en die verlof teen halfsalaris laat oploop tot n maksimum van 6 maande. Na 12 jaar diens mag n dosent wat al sy verlof laat oploop het, dan 9 maande verlof teen volle salaris neem of 6 maande teen volle en 6 maande teen halfsalaris. Hierdie toewing verg geen bykomende uitgawe van die Raad nie.
 - (b) Die Raad stel n beursskema, soos hierbo uiteengesit, in.

7.1.6.2.3

Na sorgvuldige oorweging van al die bogemelde voorstelle en van die verlofregulasies van al die ander Suid-Afrikaanse universiteite word voorgestel dat die volgende t.o.v. langverlof sal geld:

Die Raad verleen aan n personeellid na elke onafgebroke dienstyd van ses jaar verlof vir drie maande met volle en drie maande met halwe salaris of na n onafgebroke termyn van twaalf jaar ses maande met volle en ses maande met halwe salaris, met dien verstande dat :

- 1) by die toekenning van verlof volgens rooster en by die min of meer eweredige verdeling van sollisitante tussen die twee semesters van n bepaalde jaar senioriteit in diensjare voorkeur kry in geval van gelyktydige aanspraak van twee of meer personeellede;

1. Met die koste van die beursskema.

- 2) by die bepaling van "ononderbroke diens tyd" die Raad voorgaande diens wat die personeel-lid elders gelewer het, in ag kan neem;
- 3) die langverlof teen halwe salaris in elke dienstermyn van 12 jaar waarin nie langverlof geneem is nie, mag oploop tot 'n maksimum van 6 maande, wat dan gekonsolideer kan word tot 3 maande langverlof met volle salaris;
- 4) by die vasstelling van die verloftermyn 'n personeellid die volgende opsies kan uitoefen:

na 6 jaar diens : drie maande met volle salaris, of drie maande met volle en drie maande met halwe salaris;

na 12 jaar diens : 9 maande met volle salaris of 6 maande met volle en 6 maande met halwe salaris;
- 5) 'n verloftermyn altyd aaneenlopend geneem moet word;
- 6) 'n verloftydperk op 1 Januarie of 1 Februarie of 1 April of 1 Julie of 1 Augustus 'n aan-vang neem indien 'n personeellid slegs drie maande langverlof teen volle salaris neem;
- 7) 'n verloftydperk op 1 Januarie of 1 Julie 'n aanvang moet neem indien 'n personeellid langer as drie maande langverlof neem;
- 8) die aanvang van 'n verloftydperk in die geval van personeellede wat oorsee gaan met die oog op studie, volgens meriete deur die Raad, op aanbeveling van die Rektor, bepaal word;
- 9) 'n lid voor 30 Junie van die voorafgaande jaar by die Registrateur aansoek moet doen om toekenning van sy verlof en terselfdertyd vermeld of hy gedurende die eerste of tweede semester sy verlof wens te ontvang;
- 10) verlof alleen toegeken word indien die be-trokke personeellid bevredigende reëlins insake 'n plaasvervanger aan die hand kan doen;
- 11) 'n plaasvervanger deur die Raad besoldig word.

7.1.6.2.4 Indien die voorgaande reëling aanvaar word, word meer studiegeleentheid sonder finansiële sorg aan dosente beskikbaar gestel sonder dat die Raad ekstra geld daarvoor hoef te bewillig.

7.1.6.2.5 Ten einde studie deur dosente verder te stimuleer word soos volg aanbeveel :

- 1) Die huidige regulasies t.o.v. studieverlof word gehandhaaf, en
- 2) die Raad stort jaarliks 'n bedrag geld in 'n stu-diebeursfonds vir dosente. Uit sodanige fonds kan studiebeurse aan dosente toegeken word, met dien verstande dat :

- (a) n beurs slegs toegeken word vir n deur die Raad goedgekeurde studieprojek;
- (b) die studie gedurende langverlof of langverlof en daarmee aaneenlopende onbetaalde studieverlof onderneem word;
- (c) die studie ter bevrediging van die Raad voltooi word;
- (d) die bedrag van die beurs in die geval van n dosent wat 3 maande verlof met volle en 3 maande met halwe salaris neem, nie meer sal beloop as sy salaris vir $1\frac{1}{2}$ maand nie, en in die geval van n dosent wat 9 maande verlof met volle salaris en 3 maande studieverlof sonder salaris neem, nie meer sal beloop as sy salaris vir 3 maande nie; en
- (e) n personeellid wat van sodanige studiebeurs gebruik maak, nie sonder die toestemming van die Raad sy bedanking kan indien nie voordat minstens 3 semesters verloop het vir n beurs gelykstaande aan $1\frac{1}{2}$ maand se salaris en 6 semesters verloop het vir n beurs gelykstaande aan 3 maande se salaris.

7.1.6.2.6 Indien bogemelde studieverlof- en studiebeursreëlings, saam met die voorgestelde reëling vir langverlof, aanvaar word, kom dit daarop neer dat geen bestaande voordeel aangetas word nie, dat die Raad n bepaalde bedrag per jaar bestee om studie deur die personeel te subsidieer en dat die begunstigde personeel n besliste teenprestasie vir die toewinging lewer.

7.1.6.2.7 Die huidige regulasies t.o.v. siekteverlof en verlofgratifikasie word as billik beskou.

7.2 Grensvoordele

- 7.2.1 Benewens die voorregte in die Diensregulasies vervat geniet personeellede reeds ander voordele wat van tyd tot tyd deur die Raad bewillig is. Omdat hierdie voordele nie deel van die dienskontrak is nie, moet hulle as besondere voorregte beskou word wat volgens diskresie van die Raad uitgebrei of herroep kan word. Die term "grensvoordele" word hiervoor aanvaar, en dit sluit o.m. in die gebruik van sport- en sekere ander geriewe deur die personeel en/of hulle gesinne, die bydrae van die Raad tot die mediese fonds en die vakansiebonus.
- 7.2.2 Departementele verslae betuig eenparige waardering vir alle bestaande grensvoordele. Daar heers egter n algemene gevoel dat die Raad gevra moet word om nog één grensvoordeel te oorweeg, nl. n toewinging t.o.v. klasgelde van personeellede en hulle kinders.¹⁾
- 7.2.3 Ouers moet hulle verantwoordelikheid t.o.v. die onderwys van hulle kinders nakom, en derhalwe kan nie aanbeveel word dat kinders van personeellede gratis moet studeer nie. U Komitee beveel egter aan dat die Raad n afslag van 75% van die klas- en laboratoriumgelde van kinders/ van

1. Vgl. die antwoorde op vraag B VI 8.

permanente personeellede oorweeg. Sodanige toegewingsal nie slegs op een lyn wees met die gebruik aan die meerderheid Suid-Afrikaanse universiteite nie maar sal die reeds goeie "toon" van die P.U.-personeel verder stimuleer.

- 7.2.4 Soos reeds aangedui is dit in belang van die Universiteit dat die personeel steeds studente moet bly. Ook is aangedui dat die personeel in breë kring - en soms onder moeilike omstandighede - sy verantwoordelikeheid t.o.v. studie nakom. Waar 'n Universiteit 'n dosent by voortgesette studie baat, behoort die beginsel te geld dat 'n dosent 'n Universiteit sodanige studie bekostig. Daar word derhalwe aanbeveel dat aan personeellede 'n afslag van 50% op laboratorium- en klasgelde aan hierdie Universiteit toegestaan word.

7.3 Die administratiewe pligte van dosente en dekanes

- 7.3.1 Die diensvoorwaardes en -regulasies maak nêrens melding van 'n "leeropdrag" nie. Dit vereis egter ondubbel-sinnig dat 'n personeellid sy tyd en aandag ten volle aan die Universiteit moet skenk. Met hierdie bondige opdrag word die dosent, volgens die eise van omstandighede, ten volle in die organisasie van die Universiteit opgeneem.
- 7.3.2 Hierdie volledige opname van die dosent deur die Universiteit hou al die menigvuldige werksaamhede in wat alreeds in oënskou geneem is, te wete wetenskapsbeoefening en opvoeding asook die skep en instandhouding van kontak met die lewe buite die Universiteit met die oog op wedersydse bevrugting. Dit hou egter ook in dat die dosent sal bydra tot die gladde, ekonomiese en effektiewe verloop van die werksaamhede van die Universiteit, sodat die gestelde doeleindes ten beste bevorder kan word. Die dosent is geen passiewe element in die organisasie nie maar die lewende kragbron. Hy moet nie slegs opdragte uitvoer nie maar binne en buite die mure van sy gebou soek wat sy hand kan vind om te doen, en hy moet in die uitvoering van al sy take vindingrykheid en inisiatief aan die dag lê. Hy het derhalwe 'n roeping t.a.v. die organisasie en administrasie van die Universiteit in die algemeen maar van sy departement in die besonder.
- 7.3.3 Volgens departementele verslae en persoonlike gesprekke met dosente is die administratiewe pligte van dosente in die reël so innig met hulle ander pligte verweef, dat dit nie deur ander persone oorgeneem kan word nie.¹⁾ Daar bestaan egter 'n algemene gevoel dat die beginsel van ekonomie in die organisasie nie tot sy volle reg kom nie.
- 7.3.4 Etlike departemente voer naamlik aan dat dosente - en veral departementshoofde - dikwels tydrawende, roetine- administratiewe werk moet verrig wat ewe goed, geheel of gedeeltelik, deur 'n veel laer besoldigde tegniese assistent, klerk of tikster gedoen kan word. Voorbeelde van sulke take is voorraadopnames, bestellings van apparaat en boeke, voltooiing van periodieke opgawes en verslae, en tikwerk. Ook word aangevoer dat

1. Vgl. die antwoord op vraag B VI 4 van die leidraad.

daar onnodige duplisering van administratiewe werk plaasvind, soos bv. by die jaarlikse werkopgawes aan die Administrasie en aan die N.R.S.N. veral t.o.v. gevorderde studente, en dat administratiewe personeel die klas- en eksamenrooster ewe goed onder toesig van die betrokke Senaatskomitee kan opstel.

- 7.3.5 Ten einde meer ekonomiese benutting van dosente te bevorder, stel departemente voor dat administratiewe amptenare in laboratoria of groepe laboratoria aangestel word. Sodanige amptenare behoort verkieslik 'n M.Sc.-graad te besit. Ook word voorgestel dat departemente of groepe departemente oor die dienste van 'n tikster/klerk moet beskik; dat departementshoofde meer van hulle administratiewe pligte aan junior personeellede moet oordra en dat die Administrasie pligte soos die opstel van klas- en eksamenroosters, berekening van punte, en voltooiing van opgawes aan die N.R.S.N. moet oorneem.
- 7.3.6 U Komitee onderskryf die beginsel dat die tyd en energie van dosente in die eerste plek aan wetenskapsbeoefening, opvoeding en skeep en in stand hou van kontak met die buitewêreld bestee moet word, dog wil tegelykertyd die verweefdheid van administratiewe en akademiese pligte beklemtoon. Dit is duidelik dat verligting van administratiewe pligte maar nie ontheffing daarvan nie wenslik is.
- 7.3.7 Dekane het benewens hulle gewone pligte as departementshoofde ook heelwat addisionele verpligtinge, wat in 'n groot mate verband hou met die omvang van die betrokke fakulteit. Dit spreek derhalwe vanself dat, indien verligting van administratiewe werk van departementshoofde nodig is, dit in die geval van dekanen noodsaaklik is.
- 7.3.8 Vanweë die gedifferensieerde aard en omvang van fakulteite is dit nie moontlik om 'n algemene oplossing vir die vraagstuk aan die hand te doen nie. Gedifferensieerde verligting sal verleen moet word. Die volgende weë word in departementele verslae aan die hand gedoen: verdeel die groter fakulteite soos Lettere en Wysbegeerte in kleiner fakulteite soos, bv. Lettere, Skone Kunste, Sosiale Wetenskappe, Wysbegeerte; en Natuurwetenskappe in Biologiese Wetenskappe, Fisiese Wetenskappe, Matematiese Wetenskappe; verlig die doseerwerk van dekanen; verleen administratiewe hulp soos bv. tiksters en klerke; benoem hulpdekanen; dra sommige pligte van dekanen oor op fakulteitslede en ken 'n ekstra vergoeding aan dekanen toe.
- 7.3.9 Vanweë die gedifferensieerde omstandighede van sowel dekanen as departementshoofde en vanweë onvoldoende gegewens kan geen enkelvoudige, eenvoudige oplossing vir die probleem van administratiewe pligte aan die hand gegee word nie. 'n Deurtastende studie van die hele aangeleentheid van die indeling in fakulteite en die pligte van departementshoofde en dekanen skyn egter beslis wenslik te wees.
- 7.3.10 Aanbeveel word dat die Senaat 'n komitee benoem om die hele aangeleentheid van die samestelling van fakulteite

en van administratiewe pligte van dosente, veral departementshoofde en dekane, deeglik te ondersoek en die nodige aanbevelings ter verligting te maak.

7.4 Die stelsel van voogdosente

- 7.4.1 Volgens die huidige voogdosentstelsel word eerstejaarstudente in klein groepies onder voogdy van 'n dosent geplaas en by die toewysing van voogde word studierigtings sover moontlik gekorreleer.
- 7.4.2 Volgens departementele verslae¹⁾ en persoonlike onderhoude met dosente blyk dit dat 82 dosente gedurende 1965 as voogde opgetree het.
- 7.4.3 Alhoewel die groot meerderheid departemente die potensiële opvoedkundige waarde van die stelsel beklemtoon en dit eerder uitgebrei as ingekort wil sien, is daar slegs enkele departemente wat die huidige stelsel as baie geslaagd beskou.
- 7.4.4 Die volgende leemtes word genoem : gebrekkige korrelasie tussen vakke van voog en student, gebrek aan vrymoedigheid by studente om die voog met sy probleme te nader, verlies van kontak tussen voog en student na die eerste 2 tot 4 weke van die jaar, gebrek aan tyd by voogdosente en onvoldoende voogdosente.
- 7.4.5 Die volgende wenke ter verbetering van die stelsel word aan die hand gedoen : studente moet onder voogdy van 'n dosent by wie hulle klas loop, geplaas word; senior studente moet as studentevoogde betrek word, dames studente moet onder voogdy van dames geplaas word; vaste datums vir ontmoeting met die voog moet vroegtydig bepaal word, en die student moet verplig word om die afspraak na te kom; voogdosente moet studente by hulle aan huis ontmoet, die doseer- en administratiewe pligte van dosente moet verlig word sodat hulle meer tyd - o.a. vir voogskap - verkry, en veral ouer en meer ervare dosente moet as voogde optree.
- 7.4.6 Persoonlike navrae by 'n aantal studente²⁾ dui daarop dat die stelsel hoofsaaklik gedurende die eerste maand vir baie van hulle groot waarde het. Daarna het hulle slegs af en toe behoefte om met besondere probleme na 'n dosent in wie hulle vertrou het, te gaan. Die groot meerderheid studente is dit egter eens dat die stelsel wel waarde het en voortgesit moet word.
- 7.4.7 Waar die voogdosentstelsel nog in sy kinderskoene staan en volgens baie dosente en studente reeds vrugte afgewerp het en die belofte van nog groter vrug inhou, is dit wenslik dat dit voortgesit word en dat leemtes daarin voortdurend uitgeskakel word. Voorgestel word dat die Fakulteit Opvoedkunde, in samewerking met die Instituut vir Sielkundige en Opvoedkundige Dienste en Navorsing, 'n deurtastende studie van die stelsel maak en mettertyd aan die Senaat daarvoor rapporteer.

1. Vgl. die antwoorde op vraag B VI 6 van die leidraad.
 2. Vgl. ook die opmerking in die verslag van die departement Etiek en Logika dat navraag by 150 studente dui op 80%-mislukking van die stelsel.

7.5 Afsondering van dosente uitsluitend vir werk in eerstejaars- klasse

- 7.5.1 Slegs een departement, te wete Chemie, het 'n dosent wat spesiaal afgesonder word vir uitsluitlik eerstejaarswerk. Hierdie reëling is in 1958 getref, toe 'n ervare onderwyser met die nodige kwalifikasies in Chemie by wyse van 'n eksperiment in die loop van die jaar benoem is, ten einde aanpassing van eerstejaarstudente in hierdie vak te bevorder.
- 7.5.2 Geen gegewens kon opgespoor word wat daarop dui dat die geslaagdheid al dan nie van hierdie eksperiment op 'n noemenswaardige wyse wetenskaplik opgevolg is nie. M.a.w. nadat die benoeming gemaak is, is die saak daar gelaat.
- 7.5.3 Indien eksamenprestaties van studente as 'n norm beskou kan word, het hierdie eksperiment misluk, aangesien die persentasie druipele na die benoeming aanmerklik toegeneem het.
- 7.5.4 Die persentasie druipele in Chemie was naamlik in die 6 jaar vóór en na die benoeming respektiewelik soos volg :¹⁾

<u>Persentasie druipele voor benoeming.</u>		<u>Persentasie druipele na benoeming.</u>	
1953	31%	1959	34%
1954	22.7%	1960	38.4%
1955	29.3%	1961	39.8%
1956	20.9%	1962	25.2%
1957	41.4%	1963	24.8%
1958	23.5%	1964	36.6%
gemiddeld	28.1%	gemiddeld	33.1%

- 7.5.5 Volgens die 45 departementele verslae²⁾ beskou 33 dit as beslis onwenslik om bepaalde dosente slegs vir eerstejaarswerk af te sonder, 2 is ten gunste daarvan, in een departement bestaan daar meningsverskil, 5 is onseker en 4 het hierdie vraag nie beantwoord nie.
- 7.5.6 Die volgende argumente word vir en teen hierdie gebruik geopper³⁾:

Vir :

- 1) Sodanige dosent kan sy onverdeelde aandag skenk aan en hom inleef in die aard en probleme van eerstejaarstudente en die mees effektiewe metodes van onderrig en benadering uitbou.
- 2) Waar slegs een dosent aan eerstejaars klas gee, kan die studente 'n beter geheelbeeld van die werk verkry.

-
1. Gegewens verstrek deur dr. N. Arnold van die departement Chemie.
 2. Vgl. die antwoorde op vraag A IV 18 van die leidraad.
 3. Vgl. die antwoorde op vraag A IV 18 van die leidraad.

- 3) Die probleem van aansluiting van eerstejaarswerk by die van latere jare, en omgekeerd, kan uitgeskakel word deur goed opgestelde en deeglik gekoördineerde sillabusse en gereelde onderlinge samesprekings deur die betrokke dosente.

7.5.6.2 Teen :

- 1) Afsondering van dosente vir eerstejaarswerk skep weer aansluitingsprobleme tussen eerste- en tweedejaarswerk, omdat kontinuïteit en voeling wedersyds verlore kan gaan.
- 2) Die dosent wat tot slegs eerstejaars beperk is, kry nie geleentheid om die probleme van tweede- en derdejaars te peil en die doeltreffendheid van sy grondleggende werk vir latere jare na waarde te skat nie, en hierdeur word die ontwikkeling van die mees effektiewe benaderings in die wiewe gery.
- 3) Om eerstejaars vir verdere studie voor te berei verg insig in en oorsig van die vak as geheel, en veral laasgenoemde kan nouliks deur sodanige dosent verkry word.
- 4) Sodanige dosent moet noodwendig gefrustreerd raak en in die versoeking kom om, tot nadeel van sy studente, slegs oppervlakkig te studeer.
- 5) Een dosent kan nouliks meester van al die afdelings van n vak wees en studente doeltreffend voorberei vir gevorderde studie in elke afdeling.
- 6) n Vertikale werksverdeling is verkieslik, omdat doeltreffende aansluiting verseker word en aanbieding en standaard van n vakafdeling van bo tot onder as geheel oorskou en gereeld hersien kan word.
- 7) Studente behoort reeds in die eerste jaar met verskillende dosente - ook die mees seniors - kontak te maak, en die som van hulle pogings sal vir die student meer werd wees as die poging van die enkele eerstejaarspesialis.

7.5.7 Verskillende departemente wys voorts op die volgende belangrike aspekte van die probleem :

- 7.5.7.1 Onderrig van eerstejaarstudente stel besondere eise aan dosente, en daarom behoort die mees ervare en beste dosente daarvoor gebruik te word maar sonder om meer gevorderde studente die voorreg te ontnem om ook deur hulle onderrig en gevorm te word.
- 7.5.7.2 Te veel versnippering en derhalwe te veel dosente in n vak kan n eerstejaar verwar, en daarom behoort daar hoogstens drie dosente per eerstejaarskursus te wees.
- 7.5.7.3 Sekere dosente is moontlik vanweë hulle aanleg en vermoë meer geskik vir onderrig van bepaalde afdelings van sekere kursusse en behoort in belang van die studente aldaar betrek te word.

- 7.5.8 In die lig van die voorgaande word aanbeveel dat die eksperiment in Chemie onmiddellik opgevolg word met 'n deurtastende ondersoek na die resultate daarvan, dat rapport daaroor aan die Senaat uitgebring word en dat die Senaat in die lig van die resultate van die eksperiment en die oorwegings hierbo moet beslis oor die wenslikheid al dan nie van 'n beleid van vertikale werksverdeling van dosente.

8. DIE GROOTTE VAN KLASGROEPE EN PERSONEELTOEKENNING

- 8.1 Die beleid in verband met die grootte van klasgroepe en personeeltoekenning is onlosmaaklik verweef, en soos reeds hoër op aangedui, is ook die beplanning van toekomstige geboue hiermee ineengevleg. ¹⁾

8.2 Die grootte van klasgroepe

- 8.2.1 Daar bestaan heelwat meningsverskil oor die "ideale" grootte van klasgroepe vir onderrig van teorie en praktika. Wat die grootte van klasgroepe vir teorie betref, kom 11 opinieuansees voor (tabel XXVI)

TABEL XXVI

Departementele beskouinge oor die ideale grootte van klasgroepe vir die onderrig van teorie.*

Departemente	Ideale grootte van eerstejaarsklasse	Ideale grootte van tweede- en derdejaarsklasse.
1. Opvoedkunde, Latyn, Aardrykskunde, Kosteberekening en Rekeningkunde, Afrikaans-Nederlands, Semitiese Tale, Sosiologie, Staatsleer, Ekonomie, Geld- en Bankwese, Dierkunde, Geskiedenis, Industriële Chemie, Musiek, Engels, Chemie, Bantoetale, Grieks, Teologie, Huishoudkunde, Farmasie	30 - 50	30 - 50
2. Duits, Prosusreg, Bewysreg en Gereg- telike Geneskunde, Strafrege en Pers- reg, Liggaamlike Opvoedkunde, Romeinse Reg en Regsgeskiedenis, S.A. Privaatreg en Internasionale Privaatreg, Statistiek, Biblioteekkunde	20 - 30	20 - 30
3. Maatskaplike Sorg, Maatskaplike Werk, Geologie, Spraakleer en Drama, Frans, Kunsgeskiedenis, Wylsbegeerte	20 - 30	10 - 20
4. Fisiologie en Bedryfsekonomie	50 - 70	30 - 50
5. Sielkunde, Etiek en Logika	70 - 100	70 - 100
6. Plantkunde en Perswetenskap	50 - 70	20 - 30
7. Volkekunde en Naturelleadministrasie	40 - 50	25 - 30

1. Kyk paragraaf 5.5.4 2) van hierdie hoofstuk.

Departemente	Ideale grootte van eerstejaarsklasse	Ideale grootte van tweede- en derdejaarsklasse.
8. Mikrobiologie en Higiëne	100	20 - 30
9. Fisika	50 - 100	40 - 60
10. Wiskunde en Toegepaste Wiskunde	60	60
11. Biblioteekkunde (meer praktiese deel)	15	15

* Vgl. die antwoorde op vraag A IV ⁹ van die leidraad. (Sosiologie en Maatskaplike Werk is as afsonderlike departemente aangadui).

8.2.2 Dit blyk uit die voorgaande tabel dat die oorgrote meerderheid departemente die grootte van die ideale voorgraadse klasgroep vir teorie op tussen 20 en 50 stel, dat slegs 9 departemente groepe van 50 tot 100 verkies en dat geen enkele departement n groep van groter as 100 as wenslik beskou nie.

8.2.3 Volgens departementele verslae is heelparty van die huidige klasgroepe aan die P.U. groter as die departementele ideale i.v.m. klasgrootte, soos uit tabel XXVII blyk.

TABEL XXVII

Departemente met klasgroepe groter as die ideale*

Departement	Departementele ideaal	Grootste groep
Afrikaans-Nederlands	30 - 50	185
Bybelkunde	30 - 50	130
Bedryfseksonomie	50 - 70	97
Chemie (eerstejaars)	30 - 50	160
Chemie (derdejaars)	30 - 50	72
Dierkunde	30 - 50	130
Duits	20 - 30	100
Ekonomie	30 - 50	102
Ekonomiese Geskiedenis	30 - 50	90
Engels	30 - 50	121
E.T.F.S.	20 - 30	92
Etiek en Logika	70 - 100	200
Fisika	70 - 100	137
Frans	20 - 30	48
Geld- en Bankwese	30 - 50	62
Geskiedenis	30 - 50	92
Kunsgeskiedenis	20 - 30	49

Departement	Departementele ideaal	Grootste groep
Plantkunde	50 - 70	134
Prosesreg, Bewysreg en Geregtelike Geneeskunde	20 - 30	62
Sosiologie	30 - 50	85
Spraakleer en Drama	20 - 30	40
Wiskunde en Toegepaste Wiskunde	50 - 70	104

* Vgl. die antwoorde op vraag A IV 13 van die leidraad.

- 8.2.4 Dit val op dat klasgroepe in 19 departemente 60 oorskry, en in 11 hiervan is die klasse selfs groter as 100. Slegs in een departement word n groep van 200 aangetref.
- 8.2.5 Wat die ideale grootte van groepe vir praktika betref, is die departementele beskouings minder uiteenlopend, soos blyk uit tabel XXVIII.

TABEL XXVIII

Departementele beskouinge oor die ideale grootte van groepe vir praktika.*

Departement of vak	Ideale grootte van eerstejaarsgroepe per dosent/assistent	Ideale grootte van tweede- en derdejaars- groepe per dosent/ assistent.
1. Liggaamlike Opvoedkunde (spanwerk), Tikskrif, Huishoudkunde, Statistiek, Toegepaste Wiskunde, Industriële Chemie, Plantkunde, Farmakognosie	20 - 25	20 - 30
2. Geologie, Aardrykskunde, Chemie, Sielkunde, Fisiologie.	20 - 25	10 - 15
3. Mikrobiologie	10 - 15	20 - 30
4. Spraaikleer en Drama, Perswetenskap, Dierkunde, Maatskaplike Werk	10 - 15	10 - 15
5. Fisika, Bantoetale, Resepteerkunde, Liggaamlike Opvoedkunde (individuele werk)	5 - 8	5 - 8

* Vgl. die antwoorde op vraag A IV 11 van die leidraad.

- 8.2.6 Net soos die geval is by die teorie, bestaan daar ook wat praktika betref, klaarblyklik gedifferensieerde behoeftes volgens die aard van vakke en kursusse.

Hierdie gedifferensieerde behoeftes sal noodwendig by personeeltoekenning in ag geneem moet word. Dit val op dat daar, wat praktika betref, meer klem moet val op die getal studente per dosent of assistent as op die globale grootte van die groep. Volgens bogemelde gegewens kan van 10 tot 30 studente as n redelike groep beskou word, met 20 as n gemiddelde grootte.

- 8.2.7 Volgens departementele verslae is daar in 12 uit die 19 betrokke departemente of vakke praktiese groepe wat die departementele ideale grootte oorskry, soos blyk uit tabel XXIX.

TABEL XXIX

Departemente met praktikagroepe groter as die ideale*

Departement of vak	Ideale grootte per dosent/as-sistent	Grootste groep per dos./asst.
Aardrykskunde	20 - 25	27
Bantoetale	5 - 8	11
Dierkunde	10 - 15	65
Fisiologie	20 - 25	38
Higiëne	10 - 15	54
Liggaamlike Opvoedkunde	20 - 25	40
Maatskaplike Werk	10 - 15	17
Perswetenskap	10 - 15	24
Plantkunde	20 - 25	65
Sielkunde	20 - 25	72
Spraakleer en Drama	10 - 15	40
Toegepaste Wiskunde	20 - 25	38

* Vgl. die antwoorde op vraag A IV 12 van die leidraad.

- 8.2.8 Ten slotte is dit nodig om vas te stel om watter redes die bogemelde teorie- en praktikagroepe die ideale oorskry (tabel XXX).

TABEL XXX

Oorsake vir klas/praktikagroepe wat groter as die ideale is. *

Oorsaak	Departemente
1. Personeeltoekenning bemoeilik herhaling	Fisika (eerstejaarsteorie en -prakties word reeds respektiewelik een en drie keer en tweede- en derdejaarsprakties twee keer herhaal), Ekonomie, Geld- en Bankwese, Spraakleer en Drama, Perswetenskap, Plantkunde, Afrikaans-Nederlands, Statistiek, Engels, Kunsgeskiedenis, Wiskunde en Toegepaste Wiskunde, Bantoetale, Bedryfs- ekonomie, Bybelkunde.

Oorsaak	Departemente
2. Roosterprobleme wat herhaling onmoontlik maak.	Dierkunde, Spraakleer en Drama, Plantkunde, Statistiek en Chemie.
3. Onvoorsiene toeloop van studente	Geskiedenis.
4. Saamgroepering van tweede- en derdejaarsgroepe	Geskiedenis.
5. Saamgroepering om meer tyd te vind vir werkklassse ("tutorials")	Engels

* Vgl. die antwoorde op vraag A IV 13 van die leidraad.

8.2.9 Implikasies en aanbevelings t.o.v. klasgrootte

8.2.9.1 Word die voorgaande beskouinge t.o.v. klasgroepe oorsien; blyk die volgende :

8.2.9.1.1 Die oorgrote meerderheid departemente is sterk ten gunste van kleiner klasgroepe, omdat dit tot inniger persoonlike kontak en beter metodes van onderrig sal lei.¹⁾ Hierdie voorkeur sluit aan by die strewe van die Universiteit om die hele mens van God te vorm, waartoe inwerking van persoonlikheid op persoonlikheid noodsaaklik is.

8.2.9.1.2 Aanbeveel word dat klasse vir teorie in die algemeen beperk word tot 'n maksimum van 60 studente en praktikagroepe tot 'n maksimum van 20 per dosent of assistent, maar dat besondere behoeftes van departemente in hierdie verband steeds in ag geneem sal word.

8.2.9.1.3 Sodanige beperking van die grootte van klasgroepe sal noodwendig sowel die basis van personeeltoekenning as die rooster en die beplanning van toekomstige geboue beïnvloed. Ten aansien van hierdie drie aspekte word soos volg aanbeveel²⁾:

- 1) Die rooster moet sodanige voorsiening vir herhaling van kursusse maak dat geen klasgroepe vir teorie groter as 60 sal wees nie, terwyl die grootte van praktikagroepe in oorleg met die departementshoofde gereël moet word.
- 2) By die beplanning van toekomstige geboue moet lesingsale in die reël beplan word vir 60 studente, terwyl laboratoria nie groter as die huidige moet wees nie.

8.3 Personeeltoekenning

8.3.1 Die vraagstuk van personeeltoekenning aan 'n universiteit het verskillende fasette, waaronder die ratio personeel : studente, die periodebelading van dosente, die verskillende kursusse waarvoor 'n dosent verantwoordelik is en die onderverdeling daarvan in afdelings

1. Vgl. die antwoorde op vraag A IV 3 van die leidraad.

2. Aanbevelings t.o.v. personeeltoekenning volg verderaan.

en die aantal nagraadse studente. Ook verskil die aard en behoeftes van departemente onderling : sommige dissiplines verg praktika wat nie slegs ekstra periodes nie maar ook tydrawende voorbereiding verg; ander verg dat dosente lang afstande moet reis en laat snags tuiskom, bv. dosente wat te Vereeniging klas gee; jong departemente het wel weinig studente maar het dieselfde basiese behoeftes aan personeel as gevestigdes ens.

- 8.3.2 Weens die verskeidenheid van onderling verweefde faktore is dit bykans n onbogonne taak om n vaste formule vir personeeltoekenning aan die hand te doen, en sover vasgestel kon word, bestaan daar nêrens sodanige formule nie.
- 8.3.3 Ten einde enigszins n beeld van die personeeltoekenning aan die P.U. te verstrek, word die volgende kortliks aangedui : die globale ratio van personeel tot studente, die ratio van personeel tot studente in die verskillende kursusse, die verdeling van gevorderde studente onder die personeel en periodebeladings.
- 8.3.4 Die globale ratio van personeel tot studente
- 8.3.4.1 Daar was gedurende Junie 1965 2,350 studente, 154 voltydse¹⁾ en 46 deeltydse dosente aan die P.U. In terme van voltydse dosente was die ratio personeel : studente derhalwe 1 : 15.3, maar as ook die deeltydse personeel in berekening gebring word is dit 1 : 11.8
- Hierdie syfer vergelyk gunstig met die van ander lande se universiteite : die ratio in alle Amerikaanse publieke universiteite en kolleges gesamentlik is 1 : 15.5²⁾ en in Britse universiteite is dit 1 : 9.5³⁾.
- 8.3.5 Die ratio van personeel tot studente in die verskillende kursusse
- 8.3.5.1 Die gunstige globale ratio is nog geen waarborg dat alle dosente en studente die volle voordeel daarvan sal trek nie. Volgens departementele verslae⁴⁾ wissel die aantal eerstejaarstudente per dosent per klasgroep aan die Universiteit van 1 : 80 tot 1 : 3, vir tweede- en derdejaars wissel die ratio van 1 : 72 - 1 : 2.6, vir honneurstudente van 1 : 47 - 1:5, vir magistrers- van 1 : 23 - 1 : .5 en vir doktorsgraadstudente van 1 : 19 - 1 : .25. Hierdie wanverdeling strek klaarblyklik tot nadeel van n Universiteit n dosent n student. Die opname dui aan dat 15 departemente gebuk gaan onder n oormatige studentelading, terwyl 5) etlike departemente daarenteen baie lig gelaai is.
- 8.3.5.2 Departemente beskou groepe van 20 tot 100, of gemiddeld 60, as redelike klaseenhede maar wys ook daarop dat die groottotaal studente wat n dosent hanteer, ook binne redelike perke gehou moet word. n Totaal van 100 tot 200 word as billik beskou.⁶⁾

1. Insluitende emeritus, ere- en buitengewone professore.
 2. Unesco : World survey of education I, 828 .
 3. Ibid., 658.
 4. Vgl. die antwoorde op vraag A VI 6 van die leidraad.
 5. Ibid., A VI 8.
 6. Gewens verstrek tydens persoonlike onderhoude.

8.3.6 Die verdeling van gevorderde studente onder die personeel.

8.3.6.1 Die verdeling van magistrers- en doktorsgraadstudente onder die personeel is ook uiteenlopend. Die aantal magistrers- en doktorsgraadstudente per dosent wissel van 0 tot 23 en van 0 tot 19 respektiewelik.

8.3.6.2 Ses departemente voer aan dat hulle tans te veel meesters- en doktorsgraadstudente per dosent moet behartig en wys daarop dat hierdie aspek terdeë by personeel-toekenning in ag geneem moet word.

8.3.6.3 Die algemene beskouing is dat gevorderde studente soos volg versprei moet wees :

Professore: magistrers: van 1 tot 10, gemiddeld 8,
doktors : van 1 tot 5 gemiddeld 3;

senior lektore: magistrers: van 1 tot 10, gemiddeld 3,
doktors: van 1 tot 4, gemiddeld 1.5;

lektore: magistrers: van 1 tot 3, doktors geen.

8.3.7 Die periodebelading van dosente

8.3.7.1 Ook die periodelas van dosente verskil onderling en ook van jaar tot jaar¹⁾, en geen vaste patroon kan daarin gevind word nie. Dit gebeur byvoorbeeld soms dat lektore 12 en professore 20 periodes per week waarneem of professore 8 en lektore 20 ens.

8.3.7.2 Departemente beskou egter die volgende as 'n billike weeklikse periodebelading vir die volgende kategorieë dosente²⁾:
professore: 3-15, of gemiddeld 8 periodes van 45 minute;
senior lektore: 3-15, of gemiddeld 8 periodes van 45 minute; en
lektore: 2-16, of gemiddeld 9 periodes van 45 minute.

8.3.7.3 Wat praktika betref, word die volgende weekliks verdeling as billik beskou :
professore: 1-12, of gemiddeld 5 periodes van 45 minute;
senior lektore : 2-14, of gemiddeld 6 periodes van 45 minute; en
lektore: 2-16, of gemiddeld 7 periodes van 45 minute.

8.3.8 Implikasies

8.3.8.1 Verskillende departemente wys daarop dat benewens die periodebelading die aantal studente per dosent en die hoeveelheid nagraadse werk ook die aantal kursusse of afdelings van kursusse wat gedoseer moet word, by personeeltoekenning in ag geneem moet word.

8.3.8.2 Elke kursus of afdeling van 'n kursus bring voorbereiding en nasienwerk mee, al is daar slegs enkele studente by betrokke. 'n Te groot verskeidenheid kursusse of afdelings van kursusse verdeel die aandag van die dosent in so 'n mate dat hy hom nie in een daarvan bevredigend kan verdiep nie.

8.3.8.3 U Komitee huiwer om in die lig van die beskikbare gegewens pertinente aanbevelings te maak dog wil aan die hand gee dat die volgende as leidraad by personeeltoekenning kan dien :

1. Vgl. die antwoorde op vraag A VI 9 van die leidraad.

2. Ibid., A VI 10.

- 1) Beperk die totale aantal studente wat elke dosent moet hanteer, tot 100 - 200 of 150 gemiddeld.
- 2) Beperk die aantal periodes per dosent tot 14, insluitende prakties, per week.
- 3) Beperk die aantal studente per klasgroep tot 60.
- 4) Beperk die aantal magisterstudente per professor en senior lektor tot 10 en per lektor tot 3.
- 5) Beperk die aantal dokterskandidate per professor tot 5 en per senior lektor tot 3.
- 6) Beperk die aantal verskillende kursusse wat n dosent moet doseer, tot 4.

9. MOONTLIKE INSTELLING VAN SEMESTERKURSUSSE

9.1 Onder semesterkursusse word verstaan dat n bepaalde sillabus vir n semester voorgeskryf, in daardie semester afgehandel en geëksamineer word en dan tot krediet van die geslaagde student staan.

9.2 In hoofsaak kan semesterkursusse drie vorme aanneem :

9.2.1 Selfstandige semesterkursusse

9.2.1.1 Om besondere doeleindes word geselekteerde leerstof wat in n enkele semester afgehandel kan word, in n bepaalde vak voorgeskryf, onder meer om as verpligte hulpvak of agtergrond vir studie in n ander vak te dien, soos bv. Wiskunde vir Statistiek, Chemie en Fisika of soos Afrikaans vir Ekonomiese Wetenskappe ens. Die samestelling van n dergelike kursus is in die reël sodanig dat dit nie tot verdere studie in die bepaalde vak toegang gee nie.

9.2.2 Deurlopende semesterkursusse. In hierdie geval word leerstof wat gewoonweg vir n jaarkursus bedoel is, in twee verdeel, en elke helfte word vir slegs een semester van n jaar gedoseer, aan die einde van die semester geëksamineer, staan tot krediet van geslaagde kandidate en verleen, by nakoming van die vereistes, toegang tot die daaropvolgende semesterkursus in die bepaalde vak. Deurlopende semesterkursusse kan in twee kategorieë verdeel word, te wete :

9.2.2.1 Vertikaal verdeelde semesterkursusse : Sodanige kursusse kom voor in vakke of studierigtings wat uit twee of meer parallelle, afgeronde afdelings bestaan en waarin n bepaalde afdeling of afdelings as afgeronde eenheid in die eerste en die orige in die tweede semester afgehandel en geëksamineer word. So byvoorbeeld leen die jaarkursus in Elementêre Teorie van Finansies en Statistiek hom uitstekend tot sodanige vertikale verdeling. Die finansiële en statistiese afdelings vorm elk n afgeronde eenheid wat effektief as semesterkursus afgehandel kan word. So ook sluit alle onderwysdiplomakursusse die 4 hoofvakke Teoretiese, Praktiese, Empiriese en Historiese Opvoedkunde in. Twee hiervan kan gerieflik gedurende die eerste en twee gedurende die tweede semester afgehandel word.

- 9.2.2.2 Horisontaal verdeelde semesterkursusse : Dit kom voor waar 'n jaarkursus in 'n vak 'n enkele deurlopende geheel vorm en 'n horisontale verdeling deur die middel van die sillabus gemaak, elke helfte in 'n semester afgehandel, geëksamineer en tot krediet van geslaagde kandidate geplaas word.
- 9.2.3 Gemengde semesterkursusse . Dit is 'n kombinasie van selfstandige en deurlopende kursusse en is sodanig saamgestel dat dit voldoen aan die vereistes vir voortgesette studie in die bepaalde vak maar ook in die enkele semester die nodige agtergrond gee vir studie in die vak(ke) waartoe dit as hulpvak dien. Sodanige kursusse is vanselfsprekend die mees ekonomiese, aangesien dit saamgroepering van studente met verskillende behoeftes moontlik maak.
- 9.3 Moontlike voordele van semesterkursusse
- 9.3.1 Volgens departementele verslae¹⁾ sal semesterkursusse moontlik die volgende voordele inhou :
- 9.3.1.1 Die aandag van studente sal minder verdeel wees, omdat hulle òf net die helfte van die vakke in 'n kursus (bv. Opvoedkunde) òf net die helfte van die afdelings van 'n kursus (bv. E.T.F.S.) òf net helfte van 'n kursus (bv. Fisiologie) vir 'n bepaalde eksamen moet bemeester.
- 9.3.1.2 Die voortdurende onmiddellike nabyheid van 'n finale eksamen sal 'n belangrike motiveringsagens vir 'n student en dosent wees en mag lei tot nog beter beplanning van kursusse en metodes, groter inspanning as tans en tot bevordering van die aktiwiteitsbeginsel in die algemeen.
- 9.3.1.3 Die kort resesse in April en September sal in 'n besondere mate as studie- i.p.v. as vakansietye benut word, sodat vollediger besetting van die akademiese jaar bevorder word.
- 9.3.1.4 Indien die huidige standaard gehandhaaf word, word voorsien dat die eksamenprestasies - as vrug van die voorgaande verwagte voordele - sal verbeter.
- 9.3.1.5 Studente wat tans verplig word om 'n volle kursus in 'n verpligte hulpvak - waarvoor hulle soms weinig belangstelling en/of aanleg het en waarvan slegs gedeeltes by die studie van die betrokke hoofvak relevant is - te volg, kan, waar moontlik, slegs 'n semester aan die relevante aspekte van sodanige vak bestee en die bespaarde tyd en energie voordeliger aanwend.
- 9.3.1.6 Semesterkursusse kan sodanig georden word dat dosente, met die oog op navorsing of studie, sonder koste vir die Universiteit en sonder nadeel vir die studente, vir 'n semester vrystelling van doseerwerk kan verwerf deur gedurende 'n ander semester 'n dubbele doseerlas te dra.

9.4 Moontlike nadele van semesterkursusse

1. Vgl. die antwoorde op vraag A IV 16 van die leidraad.

- 9.4.1 Verskillende departemente voer aan dat eksaminering heelwat meer tyd sal verg, aangesien feitlik dieselfde aantal vraestelle twee i.p.v. een keer per jaar geskryf sal moet word. Hierdeur sal waardevolle studietyd verlore gaan.
- 9.4.2 Sommige kursusse, veral in tale en vaardigheidsvakke, leen hulle nie geredelik tot verdeling in semesterkursusse nie, veral omdat die studie kumulatief is en aspek logies op voorgaande aspek gebou word of omdat voortdurende oefening oor 'n lang periode noodsaaklik is of omdat insig en vaardigheid geleidelike rypwording vereis. Volgens departementele verslae sal hierdie probleem veral ondervind word in Huishoudkunde, Romeinse Reg en Regsgeskiedenis, Spraakleer en Drama, Maatskaplike Sorg, Regsfilosofie en Regsvergelyking, Frans, Semitiese Tale, Afrikaans-Nederlands, Engels, Latyn, Bantoetale, Grieks, Musiek en die praktiese aspekte van Biblioteekkunde.
- 9.4.3 Dit word verwag dat semesterkursusse tot versnippering sal lei en geheelsiening sal bemoeilik.
- 9.4.4 Etlike departemente voer aan dat semesterkursusse noodwendig probleme ten opsigte van herhaling van kursusse en aanvullingseksamens sal meebring. Die volgende dien as voorbeelde hiervan : Sal 'n student wat in die eerste semesterkursus in 'n bepaalde vak druip, nogtans tot die tweede semesterkursus toegelaat word? Indien in 'n semesterkursus gedruip word, sal 'n aanvullingseksamen afgelê kan word en indien wel wanneer? Indien in die aanvullingseksamen gedruip word of die student nie aan die vereistes om 'n toelatingseksamen voldoen nie, sal hy 'n semester moet wag alvorens hy die kursus kan herhaal? Is dit doenlik om slegs sommige kursusse tot semesterkursusse om te skep? ens.
- 9.4.5 Semesterkursusse sal 'n veel groter las vir die Administrasie meebring, aangesien eksamenwerk en moontlik ook registrasies verdubbel sal word, die byhou van gewens oor geslaagde kursusse sal toeneem, periodieke opgawes aan die Departement Onderwys, Kuns en Wetenskap probleme sal oplewer, ens.

9.5 Aanbeveling

- 9.5.1 Na sorgvuldige oorweging het u Komitee tot die slotsom gekom dat semesterkursusse moontlik veel kan bydra tot vollediger benutting van die akademiese jaar, tot bevordering van die aktiwiteitsbeginsel en motivering en en tot verhoging van eksamenprestasies maar dat instelling van sodanige kursusse ernstige probleme kan skep en nadele mag inhou wat moontlik tot uitwissing van die voordele kan lei. Weens die gebrek aan tyd en middele om 'n deurtastende ondersoek uit te voer beveel die Komitee soos volg aan : Die bestaande Senaatskomitee insake semesterkursusse moet die hele aangeleentheid van semesterkursusse in oorleg met die verskillende fakulteite deurtastend ondersoek, met besondere aandag aan die tyd wat eksaminering sal verg, hereksamens en herhaling van kursusse, administratiewe probleme, die moontlike invloed van semesterkursusse op kumulatiewe en vaardigheidsvakke en die moontlikheid van gedeeltelike invoering van sodanige kursusse.

10. DIE LENGTE VAN DIE AKADEMIESE JAAR

- 10.1 Oor hierdie veelbesproke onderwerp heers daar aansienlike meningsverskil : 31 departemente is gekant teen verlenging; 8 is daarvoor, 2 is oor die aangeleentheid verdeeld en 4 is onseker.¹⁾
- 10.2 Die vernaamste argumente wat ten gunste van verlenging gebruik word, is :
- 10.2.1 n Langer akademiese jaar moet noodwendig lei tot breedvoeriger en deegliker behandeling van die huidige of selfs meer uitgebreide sillabusse (Mikrobiologie en Higiëne, Spraakleer en Drama, Engels, Huishoudkunde en Ekonomie, Geld- en Bankwese).
- 10.2.2 Praktiese vaardigheid vereis baie oefening en tyd vir rypwording, en hiervoor is n langer akademiese jaar noodsaaklik (Perswetenskap, Dierkunde en Huishoudkunde).
- 10.2.3 Dosente en studente gebruik die huidige lang resesse slegs in n geringe mate vir studie en navorsing (Etiek en Logika).
- 10.2.4 Studente kan selfs met maksimale aanwending van die huidige beskikbare tyd nie genoeg tyd vir selfstudie vind nie, daarom is die argument dat die huidige akademiese jaar ten volle benut moet word, ongeldig (S.A. Privaatreg en Internasionale Privaatreg).
- 10.2.5 Slegs enkele studente benut die resesse vir studie of om studiegeld te verdien, en daarom verval ook hierdie argument (S.A. Privaatreg en Internasionale Privaatreg); en
- 10.2.6 Dit is prinsipiëel verkeerd om resesse as navorsings- en studietyd vir dosente te beskou : dosente moet vasgestelde vakansies kry, en die res moet werktyd wees.
- 10.3 Hierteenoor word die volgende argumente teen verlenging gebruik :
- 10.3.1 Verlenging van die akademiese jaar sal vir dosente geen verlenging nie dog slegs oorlaaiing meebring, omdat hulle reeds die resesse ten volle benut vir leiding en afronding van nagraadse studente, studie, navorsing, opknap van departemente en produksie (Fisika, Industriële Chemie, Volkekunde en Naturelle-administrasie, Maatskaplike Sorg, Duits, Latyn, Opvoedkunde, Statistiek, Musiek, Fisiologie, Engels, Chemie, Wiskunde en Toegepaste Wiskunde, Bantoetale, Bedryfsekonomie, Teologie, Regsfilosofie en Regsvergelyking en Ekonomie, Geld- en Bankwese).
- 10.3.2 Studente - en veral nagraadse studente - het lang resesse vir selfstandige studie of ander werk nodig, en die Universiteit het juis n besondere taak daarin dat hy die student tot benutting van die beskikbare tyd moet opvoed (Fisika, Geskiedenis, Opvoedkunde, Wiskunde en Toegepaste Wiskunde, Straf- en Persreg en Chemie).

1. Vgl. die antwoorde op vraag A IV 17 van die leidraad.

- 10.3.3 Geen moeilikheid word tans ondervind om die voorgeskrewe werk in die beskikbare tyd af te handel nie (Geskiedenis en Wiskunde en Toegepaste Wiskunde).
- 10.3.4 Verlenging van die akademiese jaar sal noodwendig tot oorlaaiing van kursusse lei en tot nadeel van studente strek (Fisiologie en Bedryfseksonomie).
- 10.3.5 Indien geoordeel word volgens die geringe hoeveelheid selfstandige werk wat studente tans doen - veral deur seniores en wel gedurende die eerste semester -, is verlenging onnodig en sal dit slegs lei tot meer tyd vir sosiale bedrywigheide (Staatsleer).
- 10.3.6 Akademiese werk is besonder veeleisend en kan nie vir lang, ononderbroke tydperke volgehou word nie (Maatskaplike Sorg).
- 10.3.7 Die akademiese jaar behoort nie vir eerstejaars te gou na die uitputtende matrikulasie-eksamen te begin nie (Volkekunde en Naturelleadministrasie).
- 10.4 Aangesien die groot meerderheid departemente teen verlenging van die akademiese jaar gekant is, hoofsaaklik omdat hulle glo dat die beskikbare tyd tans wel ten volle deur dosente benut word maar nie deur die studente nie en hulle voel dat stappe eers gedoen moet word om die tyd wat tans beskikbaar is, ten beste te benut alvorens daar sprake van verlenging kan wees, is dit belangrik om te let op die volgende wenke wat deur departemente t.a.v. beter tydsbesteding gegee word :
 - 10.4.1 Beperk alle tydsverkwistende en onderbrekende faktore, soos bv. intervarsities, ontgroening, studenteraads-verkiesings, studiereise ens. tot die minimum of laat dit saamval met spesiale lang naweke (Frans, Staatsleer, Engels, Etiek en Logika en Grieks).
 - 10.4.2 Maak die twee semesters ewe lank, met n reses vir selfstandige studie in die middel van elkeen ten einde meer eweredige werkverspreiding te bevorder (Industriële Chemie, Liggaamlike Opvoedkunde, Empiriese Opvoedkunde en Huishoudkunde), en hierby aansluitend voel Sielkunde en Wysbegeerte dat die aantal lesings selfs ingekort kan word ten einde selfstandige werk te bevorder.
 - 10.4.3 Verkort bloktyd aanmerklik of skakel dit heeltemal uit om studente te stimuleer tot gedrae studie dwarsdeur die akademiese jaar (Afrikaans-Nederlands, Biblioteekkunde en Empiriese Opvoedkunde).
 - 10.4.4 Wis die opvatting dat resesse vakansietye is, totaal uit deur werkopdragte vir resesse te gee en studiereise en noodsaaklike praktiese werk daarin te doen (Strafreg en Persreg, Engels en Opvoedkunde).
 - 10.4.5 Hervorm die tydrawende eksamenstelsel en beperk die tyd daaraan bestee o.m. deur departementshoofde groter verantwoordelikhede t.o.v. verwerking van eksamensyfers te gee en deur studente toe te laat om hulle vir eksamen aan te meld as hulle daarvoor gereed is (Aardrykskunde, Biblioteekkunde en Wysbegeerte).

- 10.4.6 Verleng die graadstudie tot 4 jaar (Geologie).
- 10.4.7 Stel semesterkursusse in, wat sal stimuleer tot volgehoue werk dwarsdeur elke semester (Sosiologie en Maatskaplike Werk).
- 10.5 Ten slotte is dit van belang om te let op die volgende voorbehoude wat departemente stel indien noodgedwonge oorgegaan moet word tot verlenging van die akademiese jaar :
 - 10.5.1 Ten einde belemmering van studie en navorsing te voorkom sal meer personeel benoem moet word (Industriële Chemie, Dierkunde, Statistiek, Huishoudkunde en Volkekunde en Naturelleadministrasie).
 - 10.5.2 Verlenging moet slegs geskied deur vroeër in Februarie te begin, bloktyd te verkort en die eksamen later af te neem, met bykomende kort resesse vir selfstandige studie in April en Oktober (Afrikaans-Nederlands, Huishoudkunde, Etiek en Logika en Empiriese Opvoedkunde).
 - 10.5.3 Ten einde aktiwiteit by studente te stimuleer en verskoolsing te voorkom moet verlenging geen toename in die aantal lesings meebring nie dog gerig wees op selfstandige studie (Sielkunde, Duits en Empiriese Opvoedkunde).
 - 10.5.4 Verlenging moet slegs vir studente geld deur resesse verpligte studietye te maak (Plantkunde).
 - 10.5.5 Verlenging moet nie met silabusuitbreiding gepaard gaan nie (Plantkunde).
 - 10.5.6 Die staat sal ruimer voorsiening vir beurse moet maak, sodat dit nie vir studente nodig hoef te wees om studiegeld tydens resesse te verdien nie (S.A.Privaatreg en Internasionale Privaatreg).
 - 10.5.7 Indien die akademiese jaar verleng word, moet die tyd inderdaad vir studie en nie vir ander bedrywighede nie benut word. Reëlins sal getref moet word om onderbrekende en tydverkwistende faktore tot die minimum te beperk (Frans).
- 10.6 U Komitee verenig hom met die standpunt dat alvorens die akademiese jaar verleng word, alle moontlike pogings aangewend moet word om die tyd in die huidige akademiese jaar ten volle te benut. Dit word derhalwe aanbeveel dat vir die huidige afgesien word van pogings om die akademiese jaar te verleng en dat die volgende stappe gedoen word om die bestaande studietyd beter te benut :
 - 10.6.1 Resesse gedurende die akademiese jaar moet aangewend word vir voorbereiding vir eksamens en toetse.
 - 10.6.2 Die twee semesters moet min of meer ewe lank wees, en in elk daarvan moet 'n reses van twee weke vir selfstandige studie deur studente wees. Dit sal meebring dat bloktyd verval en dat die finale eksamen later begin, met 'n gevolglike later afsluiting in Desember. Hiervolgens sal die jaar min of meer soos volg verdeel moet word :

- 10.6.2.1 Eerste semester : 15 Februarie tot 21 Junie, met n reses van twee weke vanaf 13 tot 26 April. Dit gee 16 weke teenoor die huidige 17.
- 10.6.2.2 Tweede semester : 24 Julie tot 13 November met n reses van twee weke vanaf 12 tot 25 September. Dit gee 14 weke teenoor die huidige 11.
- 10.6.3 Skakel tydverkwistende en onderbrekende faktore soos volg uit : studiereise moet sover as moontlik tydens resesse plaasvind, die verwelkoming van eerstejaars moet tot een week beperk word, gedurende die voorspel tot intervarsity moet die gewone reglemente konsekwent nagekom word, en saans moet ook vir die afneem van halfjaarlikse eksamens benut word.
- 11 INTERKOMMUNIKASIE IN DIE UNIVERSITEIT
- 11.1 Die P.U. vir C.H.O. is nog altyd gekenmerk deur n besondere gevoel van saamhorigheid. Studente, dosente en administratiewe personeel word saamgesnoer deur n allesdeursurende Christelike gees wat uit die Calvinistiese grondslag van die Universiteit spruit. Hierdie grondleggende faktor noop iedereen om te alle tye, op alle terreine - binne en buite die Universiteit - in liefde en eensgesindheid sy Universiteit, en só sy naaste, te ken en te dien tot eer van God.
- 11.2 Die toenemende groei van die Universiteit op alle vlakke maak dit des te noodsaakliker om die talle individuele pogings tot uitbouing van die Universiteit tot één stroom saam te trek. Hiervoor is nodig wedersydse uitwisseling van inligting, want sodoende sal onderlinge hulpverlening bevorder word, sodat groter krag in eenheid gevind kan word.
- 11.3 Hierdie interkommunikasie moet die hele Universiteit betrek en moet insluit onderlinge uitwisseling van relevante inligting binne en tussen die volgende kringe : studente, dosente, departemente (ook die Departement Ontwikkeling), fakulteite, Senaat, Raad, administrasie en biblioteek.
- 11.4 Departementele verslae maak met lof melding van die reeds bestaande interkommunikasiemiddele dog dui ook op enkele aspekte daarvan wat - veral met die oog op die verwagte toekomstige uitbreiding - verdere aandag verg. Die volgende is die vernaamste hiervan :
- 11.4.1 Die Raad. Gevoel word dat die huidige bulletin bevattende Raadsbesluite te beknop is.
- 11.4.2 Die Senaat. Nie-senaatslede uit 14 departemente voer aan dat hulle oor senaatsbesluite swak of glad nie ingelig word nie.
- 11.4.3 Fakulteitsrade. Ook wat fakulteitsraadsbesluite betref, word juniorpersoneel klaarblyklik nie bevredigend ingelig nie.
- 11.4.4 Departemente. Mondelinge mededeling deur enkele junior personeellede dui daarop dat hulle nie altyd na wens geken word aangaande departementele aangeleenthede nie. Hierbenewens verlang dosente in breë kring periodieke inligting aangaande die werksaamhede en vordering van die Departement Ontwikkeling.

- 11.4.5 Die Biblioteek. Daar word gevoel dat die biblioteek benewens die aanwinstlyste en jaarverslag inligting aangaande die beskikbare geriewe en dienste in 'n aantreklike vorm moet verstrek.
- 11.4.6 Die dosente. Weens die snelle toename in die aantal personeellede is dit bykans onmoontlik om die tradisionele intieme sosiale verkeer te handhaaf. Dit word al moeiliker om alle nuwe dosente persoonlik te gaan verwelkom en om daarna warmte kontak te bewaar.
- 11.5 Op akademiese vlak bestaan daar talle fasiliteite vir onderlinge verkeer : interfakultêre lesings, verskillende vakverenigings en studiekeringe, die plaaslike werkgemeenskap van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns ens. Volgens mondelinge getuienis is die verenigingslewe aan die P.U. só ryk dat daar nie sprake van kan wees om ~~aan alle fasette~~ daarvan deel te neem nie. Vir die dosent wat behoefte aan onderlinge akademiese verkeer het, bestaan daar derhalwe afdoende fasiliteite.
- 11.6 Die bestaande personeelklub vervul in hoofsaak twee funksies, nl. die skep van geleenthede om gemeenskaplike personeelsake te bespreek en sosiale verkeer.
- 11.7 Slegs 5 departemente¹⁾ spreek algehele tevredenheid oor die funksionering van hierdie klub uit. Die orige departemente noem een of meer van die volgende leemtes : Dit behoort meer geleenthede vir sosiale verkeer te skep met die oog op uitbouing van die eenheidsgees; die vergaderings is te formeel; daar is te veel formele lesings, en sake van werklike belang vir die personeel geniet te geringe aandag.
- 11.8 Die volgende is min of meer die essense van die wenke ter verbetering van die personeelklub : Slegs een vaste, formele vergadering moet aan die einde van die jaar, hoofsaaklik vir verslag- en verkiesingsdoeleindes, gehou word; verdere formele vergaderings moet slegs gehou word indien sake van belang opduik; die aandag moet verder bestee word aan 'n verwelkomingsfunksie vir nuwe lede aan die begin en 'n gesellige byeenkoms vir personeellede en hulle gades in die loop van die jaar.
- 11.9 Die probleem van bevredigende sosiale kontak sentreer klaarblyklik om die snelle uitbreiding van personeel. Hierdie proses sal noodwendig in die toekoms steeds groter afmetings aanneem en daarmee ook die probleem.²⁾
- 11.10 Die logiese oplossing van die probleem lê blykbaar in fakulteits- en/of departementele saambindende pogings : intra-fakultêre verwelkoming van nuwe kollegas, gereelde byeenkomste oor sake van gemeenskaplike belang, vir sosiale verkeer ens. In die kleiner, meer homogene groepe kan 'n warmte groepsgees geskep en geredelik in stand gehou word. Sodanige benadering hou egter weer die gevaar van groeppvorming in. Om lg. te bekamp het die huidige personeelklub 'n roeping, nl. om alle personeellede byeen te bring sodat almal voel dat hulle deel van die Universiteit is.

1. Vgl. die antwoorde op vraag VB VI 13 van die leidraad.
 2. Ibid., vraag B VI 12.

Indien hierdie weg gevolg word, behoort daar geen sprake van verdere middelpuntvliedende groeppvorming in verenigings vir junior, administratiewe en tegniese personeel te wees nie - almal ressorteer in departementele en/of fakulteits-groepe, wat finaliter in die personeelvereniging of -klub opgaan.

11.11 Die studente.

- 11.11.1 Interkommunikasie tussen studente is volgens studente-getuienis bevredigend. Dit word egter van sowel dosente- en studentekant gevoel dat daar leemtes bestaan in die interkommunikasie van studente en personeel.¹⁾ Verskillende departemente meld dat hulle slegs sporadies inligting verkry aangaande belangrike studenteaktiwiteite en dat hulle soms selfs in die dagblaaie daarvan verneem.
- 11.11.2 Die volgende wenke ter verbetering word aan die hand gedoen : n Spesiale rubriek in Die Wapad oor komende studenteaktiwiteite; n weeklikse program en verslag van aktiwiteite; n periodieke nuusbrieff en n Universiteitskoerant wat benewens akademiese, sosiale en administratiewe gebeurtenisse ook verslag doen oor studentebedrywigheide en toekomstige programme aankondig.

11.12 In die lig van die voorgaande oorsig oor die voortreflikhede en leemtes van die interkommunikasie binne die P.U. beveel u Komitee soos volg aan :

- 1) n Universiteitskoerant moet uitgegee word wat alle sake van algemene belang rapporteer : ontwikkeling, beleid, besluite van die Raad en Senaat wat geopenbaar mag word, personeelsake, oudstudentesake, studenteaangeleenthede, programaankondigings en verslae ens. Sodanige koerant behoort onder die sorg van die departement Perswetenskap met medewerking van die Departement Ontwikkeling, te staan.
- 2) Daar moet voortgegaan word met die huidige gebruik om belangrike kennisgewings in die bussies van personeel en op kennisgewingborde te plaas.
- 3) Die beknopte bulletin bevattende Raadsbesluite moet in die Universiteitskoerant vervat word dog moet ook motiverings bevat.
- 4) Senaats- en fakulteitsraadslede moet opgeskerp word om nie-lede in hulle departemente ten volle op hoogte te hou van besluite, tensy geheimhouding noodsaaklik is. Indien hierdie plig nagekom word, bestaan daar geen grond vir die uitbreiding van lidmaatskap van fakulteitsrade nie.²⁾
- 5) Departementshoofde moet opgeskerp word om gereelde departementele vergaderings/samesprekings te hou, sodat elke lid sy bydrae kan lewer en die gevoel kan kry dat hy inderdaad deel van die Universiteit is.
- 6) Die biblioteek moet n aantreklike brosjure, bevattende besonderhede van geriewe en dienste, aan dosente en studente beskikbaar stel.

1. Vgl. die antwoorde op vrae B VI, 10 en 11.
2. Ibid., B VI 11.

- 7) Elke personeellid moet sy bydrae lewer tot uitbouing van die groepgees van die personeel. Soos in die verlede moet alle moontlike pogings aangewend word om 'n warme verhouding teenoor elke kollega te skep en te behou.
- 8) Met die oog op die snelle aanwas van die personeel moet fakultêre en/of departementele sosiale en professionele byeenkomste, hetsy binne of buite verenigings, gereël word ten einde die esprit de corps te wek.
- 9) Die personeelklub moet die minimum formele vergaderings hou, dog minstens 2 gesellige byeenkomste per jaar : een aan die begin vir verwelkoming van nuwe lede en een naby die einde vir blote gesellige verkeer en om van vertrekkende kollegas afskeid te neem.